

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-04-09

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 203

(Bladsye 10 605 - 10 671)

HOF HERVAT OP 9 APRIL 1987.

MNR. JACOBS : U Edele, al die beskuldigdes is by die hof.

TSIETSI DAVID MPHUTHI, v.o.e. (Deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mphuthi, in u getuienis het u gesê dat u het beskuldigde nr. 21 die eerste keer gesien in Juniemaand 1985 toe jy by die hof was? 11 Junie 1985? -- Ja.

Was dit ook die eerste keer wat jy hom gesien het? -- Sover ek kan onthou is dit die eerste keer wat ek hom gesien het. Ek kan nie onthou dat ek hom vantevore gesien het (10) nie.

Was hy nie by die kursus gewees nie? -- Watter kursus?

Hierdie Daleside kursus van einde April 1984? -- Nee, hy was nie daar nie.

Want die uitnodiging was onder sy naam gestuur, as die persoon in beheer van die opvoedkundige komitee van UDF? -- Hy was nie daar nie. As hy daar was, sou ek hom gesien het.

Nou wil ek ook verder aan jou stel, die vergadering van 14 Julie 1984 van die Algemene Raad van Transvaal Streek van UDF het jy bygewoon en toe moes jy hom tog gesien het?(20) -- Ek weet nie of hy daar teenwoordig was nie. Hy was nie aan my bekend nie. Dus kon ek hom nie gesien het nie.

Hy was die voorsitter van daardie vergadering gewees? Hy het tog 'n baie prominente rol gespeel daar as voorsitter? -- Ek kan nie onthou dat ek hom gesien het nie.

Betwis jy dat hy die voorsitter was? -- Ek sê ek het hom nie gesien nie.

Het jy nie die voorsitter gesien eers nie? -- Daar was baie mense wat daar voor gesit het by die tafel. Ek kan nie almal onthou wie hulle was nie. Wat ek wel kan sê is toe(30)

ek/....

ek hom goed gesien het, is die dag wat ons aangekla was.

Jy sien, hy het 'n openingsrede nog gehou as die voorsitter by daardie vergadering en dan moes jy tog gesien het wie is die voorsitter? Jy moes dit tog geweet het. Jy is tog nie so ongelukkig dat jy nie weet wie is die voorsitter van 'n vergadering nie? -- Ek sal nie myself verbind en sê ek het hom gesien nie. Ek het hom nie gesien nie. Ek kan nie onthou dat ek hom gesien het nie.

Vir jou inligting sal ek vir jou lees uit die bewysstuk, BEWYSSTUK R2 paragraaf 2 "Chair person's introduction. (10) M. Chikane said that the purpose of this special general council meeting was to discuss an anti-election campaign in the Transvaal. The importance and emergency of this campaign had necessitated this special meeting." Dit is wat hy daar gesê het toe hy die inleiding gegee het en dan moes jy hom gesien het? -- Wat die begin van die vergaderings betref, by twee geleenthede wat ek die twee vergaderings bygewoon het, was hy nie teenwoordig nie. Met die gevolg dat ek nie kan onthou dat daar enige openingsopmerkings gemaak was deur enige voorsitter van die vergadering terwyl ek by(20) was nie. Dit wil sê ek het laat gekom, na die vergaderings alreeds 'n aanvang geneem het.

Nou was julle laat nadat dit reeds 'n aanvang geneem het? -- Ja, elke keer wat ons daar gekom het, het ons daar opgedaag nadat die vergadering 'n aanvang geneem het.

As 'n mens so kyk na waar julle geteken het op hierdie ding, dan was julle nie só laat gewees nie.

HOF : Nee, hierdie ding weet ek nie wat dit is nie.

MNR. JACOBS : 14 Julie 1984 se vergadering se vergadering se presensielys geteken het. (30)

HOF/...

HOF : In bewysstuk?

MNR. JACOBS : Dit is BEWYSSTUK 26. Na julle het daar nog heelwat mense geteken wat daar opgedaag het? -- Wat ek hier aan die Hof verduidelik is dat dit nooit gebeur het dat die vergadering begin het terwyl ek alreeds daar aanwesig was nie. Dit is nie dat ek sê na ek daar gekom het dat daar nie nog ander mense by die vergadering gekom het nie.

Dink jy nie dit is 'n bietjie toevallig, dat elke keer as jy in 'n hoek gedryf word dan is jy laat op 'n vergadering of jy is weg van 'n vergadering af nie? -- Ek kan my nie (10) verbind met wat daar plaasgevind het toe die vergadering begin het nie, want ek was nie daar nie. Soos ek sê, ek het daar gekom na die vergadering begin het. Dus sal ek nie in staat wees om te weet wat gebeur het voor ek daar opgedaag het nie, want soos dit nou aan my gestel word hoe mnr. Chikane hierdie vergadering geopen het, dra ek geen kennis van nie.

HOF : Die presensielys, is dit geteken by die deur toe julle die saal binnegaan? -- Dit is so, ja.

MNR. JACOBS : By die kursus van 27, 28 en 29 April 1984 (20) te Daleside, wie is die mense van die opvoedkundige komitee van UDF wat daar was? -- Ek weet regtig nie.

Was mnr. Mohammed Bam daar? -- Ek ken hom nie.

Is dit nie die Indiërprokureur nie? -- Ek ken hom nie. Ek het hom nie gesien nie.

Was Amos Masondo daar? -- Ja, ek het hom die Vrydag daar gesien en hy was daar teenwoordig tot die Saterdag toe ek weg is daar. Toe het ek hom daar gelaat.

En Mike Roesos?-- Ek ken hom nie.

Het van die mense hulle nie voorgestel dat hulle is (30)

van/...

die komitee - die vyf wat daar was, ons weet volgens die verslag dat daar was vyf lede van die opvoedkundige komitee, het hulle hulle nie voorgestel aan julle en gesê dat hulle lei die kursus nou nie? -- Ek kan nie onthou dat so n voorstelling plaasgevind het nie.

Die mense wat vir julle die uiteensetting gegee het met die eerste sessie wat jy wel bygewoon het, was dit nie UDF se mense van die opvoedkundige komitee wat vir julle gesê het wat van julle verwag word, wat gedoen word, wat die vrae is wat julle moet antwoord nie? -- Sedert die (10) Vrydag wat ons daar gekom het, die enigste persoon wat daar iets te sê gehad het, was mnr. Masondo. Dieselfde geld vir Saterdag tot tyd en wyl ek weg is. Hy is die persoon wat iets te sê gehad het. Ek is toe weg. Ek weet nie of daar toe ander mense daar opgedaag het nie.

Ek wil dit aan jou stel dat mnr. Mike Roesos was op daardie vergadering en op daardie kursus en het dit gehelp aanbied? -- Nee, ek stem nie saam nie, want Masondo was die enigste persoon wat ek van weet en ek het niemand gesien wat Masondo daar behulpsaam was nie. (20)

Jy sien, want hierdie verslag sê self dat Mike Roesos teenwoordig was en hy het aktief deelgeneem. Op bladsy 5 van die verslag, BEWYSSTUK U4(b) staan dit "Mike's talk. This discussion continued after the group discussion and led us into discussing the UDF. By this stage it was quite late and so we decided to finish off with a short talk summary by Mike and then go straight into the discussion of the UDF and its relation to civics. Mike's talk tried to summarise a lot of what had already been discussed." Om dit te kan doen moes hy tog daar gewees het? -- Ek ken nie so n (30) persoon/...

persoon nie.

Was daar net een man daar toe die kursus begin het die Saterdagoggend, die eerste sessie? Een persoon wat die leiding geneem het daarso? -- Daar was wel baie ander mense daar teenwoordig gewees, maar wat ons daar ontvang het of die toesprake daar was gemaak deur Amos Masondo.

Was daarso sekere vrae aan julle gestel as groepe afkomstig van burgerlike gemeenskapsorganisasies? -- Nee, daar was geen vrae nie.

Was daar nie vir julle gevra om in groepverband sekere(10) vrae en antwoorde te gaan gee nie? -- Die volgende is wat gebeur het daar. Ons was 'n papier gegee wat ek beskou as 'n program. Dan sal die lede van 'n sekere "civic" bymekaar kom en dit uitwerk onder mekaar en dan die uitslae daarvan voorlê.

Jy sien, die verslag van hierdie kursus lees soos volg "The method". Ek lees op bladsy 1 van hierdie verslag wat ingehandig is as BEWYSSTUK U4(b). "Method. Each civic met and answered the questions. They wrote their answers on news print and reported back to the whole group. The (20) group asked questions of information." Die "questions" wat julle toe as "civics" moes geantwoord het "questions answered by the civics were: What is the name of your civic, how old is your civic, how was your civic started, how does your civic work. (a) What constructions do you have? When do you meet? What activities has your civic done?" Was die vrae nie aan julle gegee en dat julle dit dan moes gaan bespreek het en dan teruggekom het en die antwoorde gegee het nie? -- Dit is reeds wat ek van praat.

Nou wie het daardie vrae aan julle gegee? Wie is (30)

die/...

die persoon? -- Masondo.

Bygestaan deur enigiemand anders? -- Ek weet nie wie Masondo daar behulpsaam was nie. Daar was wel ander mense gewees wat teenwoordig was. Ek kan nie sê of hulle hom daar gehelp het en wie hulle is nie. Ek het hom ook vir die eerste keer daar leer ken dat hy Masondo is. Andersins het ek hom nie geken nie.

Hoe het jy verstaan wat is die doel van hierdie kursus? -- Al wat ek geweet het, is dat dit betrekking het op die "civics".

In watter sin betrekking het op die "civics"? Wat wou (10) die "civics" doen? Wat wou hulle bereik? Wat was die doel van die kursus in verband met "civics"? -- Wat ek verstaan het, was soos ek alreeds gesê het, ons moes die vrae beantwoord het soos aangedui hier. Ek het aanvaar dat dit bedoel is vir ons om presies te weet wat die ander "civics" doen, wat die pligte eintlik is van die "civics".

Wat is die pligte van 'n "civic" volgens jou? -- Volgens wat ek daar opgelet het, was die "civic" se pligte om in die doen en late of die probleme van die woonbuurtes in te kyk.

En dan? -- Hulle sou dan besluit het om toe te sien hoe (20) om te werk te gaan, wat gedoen moet word.

Wie is hulle? -- Die lede van die "civics" tesame met die inwoners van daardie betrokke gebied.

Wat het jy gedink is die doel van hierdie kursus wat hier gehou word? Wat het jy geweet wat is die doel daarvan? -- Ons sou later daar gehoor het by hierdie kursus of die byeenkoms wat eintlik die doel was. Dit is die rede hoekom ons daar was.

En het julle die doel gehoor? -- Ek aanvaar so dat die mense wat agtergebly het die doel gehoor het, aangesien ek (30)

vroeër/...

vroeër daar weg is.

So, jy sal nie betwis nie dat die doel van hierdie hele ding was gemik op voorbereiding van mense, hoe om die kampanje teen Swart plaaslike besture te bedryf? -- Nee, dit sal ek nie weet nie.

Maar jy sal dit nie betwis nie? -- Ek sal nie sê dat ek dit betwis nie. My antwoord daarop is ek weet nie.

Is dit nie so dat daar ook 'n evaluasie gedoen was tot op daardie stadium hoe die vorige kampanjes gevoer was teen die verkiesings nie? Weet jy daarvan? -- Nee, ek kan dit (10) nie onthou nie. ' Ek weet nie van so iets nie. Dat die evaluasie daar gehou was?

Ja, op hierdie kursus? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Jy kan dit nie betwis nie? -- Ek weet nie daarvan nie. Ek kan nie sê of ek dit kan betwis of nie.

En dat daar toe ook leiding gekom het en beplanning gedoen is vanaf UDF hoe dat daar in die toekoms te werk gegaan moet word om die mense te mobiliseer rondom knelpunte om Swart plaaslike besture te vernietig "to destroy Black local authorities and to strengthen our civics"? -- Ek het (20) nie sulke persone gesien of gehoor dat iemand so iets gesê het nie.

Jy kan nie betwis dat dit is die doelstellings van UDF om dit te doen en dan moet die geaffilieerde organisasies veral die "civics" moet saamwerk met hulle om dit te bereik nie? -- Ek sal nie daar saam met u stem nie, want dinge wat daar gebeur het, is dinge wat alreeds bestaan het in die gemeenskap. Die gemeenskap het alreeds daarvan geweet. Dit is nie dat die gemeenskap eers daarvan bewus geword het na die kursus te Daleside nie. Ek self as 'n persoon het nie (30)

te/...

te doene gehad direk met die "civics" nie.

HOF : U het nie te doen gehad met? -- Ander "civics", behalwe ons "civic".

MNR. JACOBS : Jy sien, die ding is, dit is nie ek wat so sê nie, want die UDF sê self hierso op bladsy 3 "The next tasks are to destroy the Black local authorities and to strengthen our civics". -- Ek weet nie of dit versprei was, al dan nie. Ek het dit nog nie raakgeloop nie.

Kan ons dit net duidelik kry. Van daardie vyf mense wat van die Vaal af gekom het, is vier van hulle lede van (10) die gebiedskomitee van Gebied 7. Is dit reg? -- Ja.

HOF : Woon nie almal in Gebied 7 nie? -- Hulle woon almal daar.

Watter een is dan nie op die komitee nie? -- Raditsela het nie op die komitee gedien nie.

MNR. JACOBS : Op daardie stadium was hy die waarnemende voorsitter van VCA? -- Hy is die vise-voorsitter van VCA.

En ook op daardie stadium die waarnemende voorsitter, want toe het McCamel al begin nie meer vergaderings bywoon nie. (20)

MR BIZOS : Is that a question or does it purport to be a summary of the evidence? I submit it was unfairly put in the first instance, but it did not do any harm. The witness saw it, but I would appeal that questions should be distinguished from what my purport of what may be interpreted as a summary of the evidence. I do not agree that a correct summary of the evidence is that Mr McCamel was out of the picture.

HOF : Hy was nie amptelike waarnemende voorsitter nie. Hy was die vise-voorsitter. Of hy sekere take gedoen het op (30) sekere/...

sekere tye, dit kan u later argumenteer.

MNR. JACOBS : Is dit so, is ek korrek dat Esau Raditsela was baie aktief saam met julle in daardie gebied? Hy het jou selfs gewerf vir daardie gebied, Gebied 7? -- Dit is so.

Is dit nie so dat hy het selfs van julle vergaderings bygewoon nie? -- Nee, hy het nie ons vergaderings bygewoon nie.

Selfs die eerste vergadering was by sy huis gewees wat toe nie plaasgevind het nie. Dit was gereël? -- Daardie dag was hy teenwoordig gewees. Wat ek verder kan sê is dit (10) het wel gebeur dat hy van ons vergaderings bygewoon het, dit wil sê dat hy teenwoordig was, maar nie by al die vergaderings nie.

Na die Daleside kursus, toe julle as 'n komitee weer bymekaar gekom het, het hierdie mense van julle seker verslag gedoen aan die volle komitee van wat gebeur het op Daleside? -- Nooit, glad nie. Daar was geen verslag gedoen by die komitee nie.

Vind jy dit nie baie eienaardig nie? -- Ons het verwag dat daar 'n verslag gedoen sal word oor wat gebeur het daar (20) by hierdie kursus, maar ongelukkig het dit toe gebeur dat daar dringende dinge was wat onmiddellik aandag moes geniet het. Met die gevolg dat ons aandag daaraan gegee het.

Hierdie ding was so dringend gewees dat die Vaal Civic selfs gevra het dat daar so 'n kursus gehou moes word? -- Ek het alreeds vroeër gesê dat ons komitee, dit wil sê die Gebied 7 komitee, dra geen kennis van hierdie versoek vir die hou van hierdie kursus nie. Dus sien ek geen rede hoekom ons haastig sou moes gewees het om te hoor wat die verslag is aangaande hierdie vergadering nie. (30)

Jy/...

Jy was self so nuuskierig dat jy gegaan het na Daleside toe. Het jy nie nou dit belangrik geag om uit te vind wat het daar gebeur nie? -- U is heeltemal reg. Dit is reeds hoekom ek sê ons het verwag om n verslag te kry oor wat daar gebeur het, maar weens die ander dinge wat baie dringend was, wat onmiddellike aandag moes gekry het hier aan die begin van Meimaand, het ons meer aandag daaraan gegee en toe nie op hierdie verslag gewag nie.

Jy het hier vir die Hof ook gesê dat hierdie Daleside verslag was beskikbaar. Wanneer was hy beskikbaar? -- (10) Dit het nooit by ons uitgekom nie. Ek weet nie of Esau dit gekry het nie, maar dat dit tot by ons uitgekom het, nee.

Het jy nie vir ons vertel dat Esau het die verslag gehad maar julle het nie kans gehad om insae daarin te kry nie? -- Ek het nie die verslag met my oë gesien nie. Ek het net verneem dat Esau dit by hom het.

Maar my vraag is nog altyd, wat jy nog nie beantwoord het nie, wanneer was daardie verslag beskikbaar by Esau? -- Toe ek daarvan bewus geword het dat Esau die verslag by hom het, was dit lank na hierdie gebeure, om en by Junie. (20)

Wat was toe so dringend noodsaaklik wat dringende aandag geverg het wat gemaak het dat jy nie insae kon kry in daardie verslag nie en dat hy bespreek word nie? -- Een van die dinge wat dit veroorsaak het, wat dringend aandag nodig gehad het, was Rabotape se fees.

In Juniemaand? -- In Meimaand.

Ek praat van Junie. Moenie my vrae ontwyk met n ander ding nie. Ek het vir jou uitdruklik gevra toe daardie verslag beskikbaar by Esau was, wat jy sê in Juniemaand was, wat het julle dringende aandag toe geverg? -- In Juniemaand toe (30)

ek/...

ek daarvan begin weet het, het ek nie veel meer belang daarin gestel nie, want dit was al 'n ou ding gewees wat eintlik nie veel vir my beteken het op daardie huidige stadium nie.

Jy sien, ek herinner my jou getuienis was toe jy gesê het daar is 'n verslag beskikbaar by Esau, maar dat daar te dringende ander dinge was wat julle aandag geveerg het, dat julle nie insae in daardie verslag kon gehad het nie. Was dit verkeerd gewees? -- Wat ek sê - dit is korrek soos u dit nou gestel het, maar wat ek nou verder aan u wil sê is dat daar was baie ander dinge wat ons aandag aan moes gegee (10) het. As gevolg daarvan dat ons nou aandag aan ander dinge moes gegee het, wat in my gedagte aangegaan het, was die volgende, dat ons nou een dag op 'n Saterdag sal bymekaar moet kom om te verneem by die persone wat agtergebly het by hierdie kursus wat toe verder daar in ons afwesigheid plaasgevind het. Dit beteken dus dat dit 'n mondelinge verslag sou gewees het of 'n verslag gewees het in 'n bespreking indien ons so 'n kans gehad het. Ongelukkig was daar nie so 'n kans beskikbaar vir ons om dit te doen nie.

Kan jy vir ons sê wat was die "issues" wat julle "civic"(20) VCA opgeneem het en wat julle gerapporteer het aan die - op die Daleside kursus? -- "Issues" wat ons waar oor verslag moes gedoen het?

Op die Daleside vergadering, op daardie eerste sessie? Ek sal vir jou die vraag lees wat gestel was. Dit is vraag 4(c) "What active, activities has your civic done?" Nou wat het julle gerapporteer? -- Die verslag wat ons daar gemaak het, was aangaande die stigting van die "civics" by ons, wanneer dit gestig was.

Dit was nie eintlik my vraag nie, maar gaan maar aan.(30)

Wat/...

-- Wat was u vraag dan?

Sal ek hom weer vir jou lees? Die vraag wat hier genotuleer is wat sê "What activities has your civic done?" -- Dit het die komitee van Gebied 7 gestig.

HOF : Is dit al? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : Julle het niks gesê en gerapporteer omtrent transport boikot nie? -- Ons het nie oor boikot verslag gedoen nie. Die verslag wat ons daar gedoen het, was oor die briewe wat geskryf was na die huurmotorvereniging.

Het julle verslag gedoen oor enige vraagpunte wat (10) julle opgeneem het of nie of is dit nou net daardie een? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, want die persoon wat die skryfwerk daar gedoen het, was Edith. Ek is nie meer in staat om alles fyn te kan onthou nie.

Maar julle moes tog bespreek het wat moet sy opskryf in haar verslag wat julle nou gaan inhandig, want julle is mos nou daarso in 'n groep, vyf mense? -- Ja, dit is reg, ons het daar bymekaar gekom en bespreek wat daar alles geskryf moet word. Wat ek sê is dat ek nie meer kan onthou presies wat dit was waaroor ons besluit het wat geskryf moet word (20) nie.

Het julle daar besluit en bespreek oor die metodes wat julle aangewend het om hierdie vraagstukke op te neem en by die mense tuis te bring?

HOF : Ek het 'n bietjie bedenkinge oor die woord "vraagstukke." Knelpunte is miskien 'n beter woord. Ek dink nie "issues" en "vraagstukke" is presies dieselfde woord nie.

MNR. JACOBS : Goed, ek sal knelpunte gebruik. Is daar bespreek en metodes genoem van die metodes deur julle, VCA aangewend om knelpunte op te neem en by mense tuis te (30)

bring/...

bring, die inwoners? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Want hier op bladsy 2 word dit gesê waar almal gerapporteer het, word dit saamgevat. Ek wil vir jou lees "Question 4(c) The issues that civics have taken up, include: Transport boycott, rent, electricity and water prices, anti-community council campaign, school problems, for example the high failure rate, housing, million signature campaign, women's day." Het julle dit nie ook daar gemeld nie? -- Nee, ek kan nie hierdie knelpunte onthou op my "civic" nie. Ons het dit eintlik nie bespreek nie. (10)

HOF : Net voor ons verder gaan. Ek is ook nie so gelukkig met die woord "knelpunte" nie. Ek dink "issues" kan 'n mens beter vertaal as kwessies.

MNR. JACOBS : Kan ek nie met verloop van u by "issues" bly nie?

HOF : Bly maar by "issues", dan weet ons almal wat bedoel word.

MNR. BIZOS : Geskilpunt is die woord in die woordeboek.

HOF : Ja, ek dink ook nie dit is heeltemal reg nie. Ek dink "kwessie" is miskien 'n beter woord, want dan hoef (20) daar nie eers 'n geskilpunt te wees nie, maar gebruik maar "issues" as u gelukkig met "issues" is, maar knelpunt is ook nie vir my heeltemal reg nie.

MNR. JACOBS : Ek sal "issues" gebruik. Ek dink dit is die woord wat algemeen gebruik word en wat ook algemeen bekend is, met u verloop. Dan verder word daar aangeteken dat die metodes wat aangewend was "The methods used include mass meetings, pamphlets, fund raising, petitions, house meetings, door to door, using media like newspapers, UDF News and The Eye, other activities have been helping to start a causes (30) branch/...

branch, setting out the women's organisation, benefit society, classes for students." Kan jy vir ons sê van watter van hierdie metodes het julle "civic" gebruik gemaak? -- Wat ons wel hier gedoen het op dit wat nou vir my gelees was, was aangaande die "million signature campaign" wat in Juliemaand uitgevoer was en 'n massavergadering ook. Dit het ook plaasgevind.

Wanneer? -- Dit is 26 Augustus 1984. "Fund raising". Dit het ons ook getakel. Dit was iewers in Juniemaand. Dit is toe ons nou die "membership cards" laat druk het en (10) deur die maak van die "Afro shirts".

Dit is wat julle in julle rapport daar geskryf het toe julle vyf mense daar bymekaar gekom het? -- Nee, ons verstaan nie mekaar nie. Daleside was in Aprilmaand. Hierdie dinge wat ek van praat het plaasgevind in Junie en Julie. Dit kon nie alreeds in April op 'n verslag verskyn nie.

Dit is waarom ek jou vra, want ek het jou 'n spesifieke vraag gevra, wat het julle vyf mense wat daar bymekaar gekom het op die eerste sessie geskryf watter metodes julle aanwend. Toe kom jy met hierdie antwoord. Toe antwoord jy (20) nie my vraag nie. Nou vra ek weer vir jou wat het julle gerapporteer, vyf mense van die Vaal op daardie vergadering die Saterdagoggend by die eerste sessie? -- Ek het gesê in antwoord daarop dat 'n komitee van Gebied 7 gestig was. Ek het ook melding gemaak van briewe wat geskryf was aan die Taxi Association.

Is dit al? -- Dit is van die dinge wat ek nog kan onthou wat vervat was in die verslag die oggend.

Kom ons gaan nou terug na wat jy so belangrik geag het wat so besonder belangrik geag was dat julle nie aandag (30)

kon/...

kon gee aan wat op Daleside gebeur het nie. Wat was so belangrik? -- Wat in my gedagte gekom het daar was aangaande Rabotape se fees wat hy verwag het dat Sebokeng se mense moet ondersteun.

Moes Sebokeng se mense dit ondersteun? -- Ja.

Die hele Sebokeng? -- Gebied 7.

Is Gebied 7 Sebokeng of is Sebokeng groter as Gebied 7?

-- Al die gebiede daar word genoem Sebokeng.

So, met ander woorde, as hy gesê het Sebokeng moet dit ondersteun, moes al die gebiede dit ondersteun? -- Nee, dit(10) het ek gebruik met verwysing na Gebied 7.

Hoekom? Hoekom sê jy Sebokeng as jy net Gebied 7 bedoel? -- Ja, maar ek verduidelik mos nou wat ek bedoel as ek praat van Sebokeng. Ek praat van Gebied 7.

HOF : Kan u vir my sê, was dit die hele Gebied 7 wat hy wou hê moes hom ondersteun of net die deel van Gebied 7 wat ingesluit is by Evaton? -- Hy wou gehad het dat die gedeelte wat aan Evaton val, hom moet ondersteun. Dit wil sê die gedeelte van Gebied 7 en die mense in die nabyheid van daardie gedeelte wou hy gehad het moet hom ondersteun. (20)

Kan ek net duidelikheid kry. Die mense wat in daardie gedeelte woon en die mense wat naby dit woon of bedoel u net die mense wat in die gedeelte woon wat aan Evaton toegewys is? -- Hy wou gehad het die mense in daardie gedeelte wat toegewys is aan Evaton moet hom ondersteun, tesame met die mense wat in die nabyheid van daardie gedeelte woon.

MNR. JACOBS : So, dit sluit dan ook die res van Gebied 7 in wat naby daardie gedeelte is? -- Ja, dit sluit die ander gedeelte in wat aan die ander kant val om hom te ondersteun deur die fees by te woon. (30)

HOF/...

HOF : Wat ek begryp het, ek weet nie of ek dit reg verstaan het nie, is dat die mense van Evaton self is nie uitgenooi nie, maar die mense van Gebied 7 is wel uitgenooi? -- Ja, die Hof het dit goed gevolg. Dit is die waarheid.

Wat sou die rede daarvoor wees? -- Dit is eintlik die rede hoekom ons graag wou geweet het hoekom dit gebeur, want ons het daarvan bewus geword dat mense van Evaton was nie daarvan bewus dat daar 'n fees gehou gaan word nie.

Die fees, is dit net gehou deur die raadslede van daardie Gebied 7 wat deel geword het van Evaton of is dit gehou (10) deur al die raadslede van die hele Evaton? -- Die fees was eintlik gehou deur die Evaton Raad as geheel. Dit wil sê die Raad bestaande uit die raadslede. Die raadslid wat in Gebied 7 woon wat eintlik nie aan ons bekend was nie, is die persoon wat dit aangekondig het in Gebied 7 dat daar 'n fees gehou gaan word, terwyl die ander raadslede in die area van Evaton dit nie aan die gemeenskap daar bekend gemaak het nie. Dit is op grond daarvan dat ons sê die mense van Evaton het nie eers kennis gedra van die fees wat gehou gaan word nie en die ondersteuning was verwag van Gebied 7 se mense. (20)

MNR. JACOBS : Kan ons hierdie ding net 'n bietjie verder vat. Was dit net afgekondig deur hierdie enkele raadslid wat jy van praat, wat dit daar in Gebied 7 kom afkondig het of was daar plakkate en pamflette versprei oor hierdie fees? -- Wat gebeur het, wat ek van bewus is, is dat hierdie raadslid wat ek na verwys in Gebied 7 het gedurende die week 'n vergadering of 'n byeenkoms van mense byeen geroep om hulle in te lig dat daar op die 12de 'n fees gehou gaan word by die stadion wat hy na verwys het as 'n feesplek.

HOF : Ja, maar die vraag was eintlik, was daar nie in (30)

Evaton/...

Evaton plakkate en pamflette versprei oor die fees nie? --
Daar was nie so iets nie, anders sou Evaton se mense daar
bewus van geword het.

MNR. JACOBS : Jy vertel vir 'n mens baie snaakse dinge. Laat
ek dit nou eers so vat. Het jy hierdie raadslid se vergade-
ring bygewoon in Gebied 7? -- Ek het geweet dat daar so 'n
byeenkoms gaan wees, maar ek het dit nie bygewoon nie, want
hierdie raadslid is in my area waar ek woon.

So, jy het nie daardie vergadering bygewoon nie? -- Ek
het geweet van daardie vergadering. (10)

Jy het geweet van 'n vergadering, maar jy het hom nie
bygewoon nie? -- Nee, ek het nie.

So, jy kan nie hier vir die Hof kom sê wat het hy gesê
op daardie vergadering as jy nie daar was nie? -- Ek kan dit
sê, want wat ek daar gehoor het, het plaasgevind by hierdie
vergadering, het ek self gesien plaasvind die dag van die
fees by die stadion.

Nou verstaan ek nog minder. Wat bedoel jy met hierdie
antwoord? -- Ek het verstaan dat ek vir die Hof snaakse
dinge vertel. Ek kan nie praat van dinge wat ek gehoor (20)
het nie. Om dit te bevestig dat ek geregtig was om daarvan
te praat, sê ek vir die Hof wat ek verneem het, wat die mense
vir my gesê het het plaasgevind by daardie vergadering, het
ek persoonlik gesien waar ek teenwoordig was dat dit wel so
plaasgevind het soos ek dit gehoor het van die ander mense.

Kom ons gaan dit net 'n bietjie verder toets. Jy het
vir die Hof gesê dat die mense van Gebied 7 was ontevrede,
almal was ontevrede teen daardie fees? -- Ja, die mense van
Gebied 7 wat aan Evaton toegewys was, was glad nie daarmee
tevrede nie, want hulle het nie geweet hoekom dit by (30)

hulle/...

hulle bekend gemaak moet word nie, terwyl hulle geen kennis daarvan dra wat eintlik presies gaan plaasvind nie.

Hoeveel huise word betrek in hierdie deel wat aan Evaton toegeken is? -- Dit is baie van hulle. Ek sal nie eers in getal kan sê hoeveel dit is nie.

Baie? Wat is nou baie? Kan jy vir ons by benadering sê? -- Nee, ek kan nie 'n benadering gee nie. Al wat ek vir u kan sê is, daar is baie huise daar.

En om jou stelling hier in die hof te maak en te sê dat die mense was gekant teen hierdie fees, het jy seker (10) van huis tot huis by al hierdie huise gegaan en uitgevind by die mense wie is teen die fees en wie is nie daarteen nie? -- Hoekom ek dit so sê is dat met my aankoms daar op die 12de, dit is die dag van die fees, het ek die volgende daar gevind, dat daar skoolkinders was wat glo deel kon neem aan hierdie fees deur te sing. Dan was daar orkeste gewees wat ook maar daar kom sing het en ek onthou van kerkkore wat teenwoordig was, sowel as die stamdansmense wat ook teenwoordig was. Die skoolkinders was eintlik in die nabyheid van die vleis. (20)

HOF : Nie naby die koeldrank nie? -- Ja, ek het hulle daar by die vleis gesien. Dit is nou die mense wat daar was. Verder die mense van die gewone gemeenskap wat daar teenwoordig was, was baie min gewees. Ek skat ongeveer driehonderd van hulle was daar teenwoordig.

MNR. JACOBS : Om net daarby aan te sluit, was dit toe almal mense van Gebied 7 op die aangrensende gebied van Gebied 7 wat toegeken is aan Evaton? -- Ja, ek kan so sê, want die meerderheid van die persone daar teenwoordig was nie aan my bekend nie. Dit is die rede dat ek so sê. (30)

Jy/...

Jy maak darem eienaardige stellings. Jy ken die mense nie en dan kom sê jy vir die Hof hulle kom uit Gebied 7 uit. Is dit nie Evaton se mense nie? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek sê daar was net h paar mense gewees wat die fees bygewoon het en die mense kon van Gebied 7 af gekom het en van hulle kon miskien van die nabyheid van Gebied 7 gekom het.

Maar jy sê hulle kom nie van Evaton af nie? -- Ek weet nie waarvandaan hulle gekom het nie.

HOF : Wat jou betref kon hulle almal van Evaton af gekom(10) het? -- Ek het alreeds gesê van die mense was nie aan my bekend nie. Dit kan wees dat hulle miskien van die ander nabygeleë plekke gekom het, in gesluit Evaton. Ek kan nie sê nie.

MNR. JACOBS : So, as hulle daar was, moes dit mense gewees het wat uitgenooi was en wat die uitnodiging aanvaar het uit Evaton uit? Dit is ook moontlik? -- Volgens u stelling was al die mense daar genooi? Is dit wat ek nou verstaan?

Antwoord maar net my vraag, asseblief? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê ek weet nie. (20)

Jy sien, wat vir my die mees onverstaanbare van jou antwoord is toe ek vir jou vra hoe dat jy kan sê dat die mense in Gebied 7 se oorskrydingsdeel almal gekant kon wees teen hierdie fees, dat jou antwoord kom en jy sê vir ons wat jy in die arena daar gevind het, van die mense daar, verstaan ek absoluut nie. Hoe kan dit vir jou h aanduiding wees dat die mense het dit afgekeur, as jy vir die Hof vertel van mense wat jy in h terrein vind wat die verrigtinge bywoon? -- Ek het alreeds vroeër gesê dat die inwoners van Gebied 7 wat toegewys was aan Evaton het nie die ondersteuning van(30)

hierdie/...

hierdie fees aanvaar nie. So, dit verduidelik dus dat dit kan wees dat dit mense was wat in die nabyheid daar gewoon het wat hierdie fees bygewoon het en/of mense van ander gedeeltes, dit wil sê vreemdelinge, kon dit bygewoon het.

Ek wil dit reguit aan jou stel, jy probeer op 'n kunsmatige wyse, wat jy nie weet hoe om dit te doen nie, 'n rede te stel waarom julle in Gebied 7 julle ingemeng het met die aktiwiteite in Evaton? -- Dit is nie korrek soos u dit nou stel dat ons ingemeng het met Evaton se dinge nie. Wat gebeur het daar was, dit word tussen ons in Gebied 7 wat toegewys (10) is aan Evaton georganiseer vir 'n ondersteuning van die fees wat gehou moet word. Die gevoel tussen die mense daar is dat een of ander tyd gaan dit gebeur dat die Raad, dit wil sê Sebokeng Raad, besluit om iemand daar uit te wys of die huis te sluit vir 'n persoon om 'n ander woonplek te gaan soek, dat daardie mense nou teruggaan Evaton toe en die mense daar gaan vra vir woonplek. Mense van Evaton sal sê "Nee, maar julle het mos die mense ondersteun. Bly weg van ons af. Jy kan nie 'n woonplek by ons kry nie." Dit wil sê dit was nie 'n kwessie van inmenging nie. Dit was 'n kwessie (20) van dat ons genooi word deur die mense, die raadslede van Evaton om by hulle betrokke te wees met die fees.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Wie van u komitee het gewoon in die gedeelte van Gedeelte 7 Sebokeng wat toegewys is aan Evaton? -- Wat ek onthou was mnr. Matlole, ekself, beskuldigde nr. 9, Modise, Sefako Mokoena. Dit is sover ek kan onthou.

So, inderdaad, as 'n mens dit so kan noem, is 'n groot deel van julle komitee Evatonners en nie Sebokengers nie?

-- Ja, dit is so.

(30)

Maar/...

Maar dan het dié lede van die komitee tog niks te protestere gehad by Houtkop nie. Julle moes protesteer by Evaton oor verhoogde huur? -- Nee, dit maak nie 'n verskil nie. Hierdie regulasies wat beheer uitoefen daar, se oorsprong is Houtkop ten opsigte van Evaton en Sebokeng. So, dit maak nie 'n verskil nie.

MNR. JACOBS : Evaton het nie 'n verhoging van R5,90 gehad nie? -- Ek weet nie, maar al wat ek van bewus is is dat die huur verhoog was met R5,50 en R5,90.

Maar Evaton self het nie verhogings gehad nie? Het (10) hulle? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Die huur was verhoog in Evaton.

Hoeveel? -- Ek kan nie meer onthou met hoeveel nie, maar daar was 'n huurverhoging.

Is dit net vir die persele wat verhuur word wat aan die Raad behoort of watter persele was daar 'n huurverhoging op? Daar is mos eiendomsreg in Evaton, is daar nie? -- Nee, u weet baie goed daar was 'n verhoging van huur te Evaton. Die laaste wat ek van geweet het in Evaton, as 'n mens nou vir 'n permit moet betaal sonder om die huurgeld te betaal, (20) by die persoon wat jy bly, dit was R20,00 gewees, dit wil sê waar jy net moet betaal vir 'n permit om daar te woon.

HOF : Laat ons nou net die ding mooi uitstryk. As ek dit reg het, is daar in Evaton gedeeltes wat eiendomsreg is, dit is nou die werklike Evaton en Small Farms en daar is gedeeltes wat gehuur word. Dit is Gedeelte 7 van Sebokeng, 'n deel daarvan. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En die gedeelte van Gedeelte 7 wat toegewys is aan Evaton betaal huur en as ek dit reg het betaal hulle huur by Evaton se kantore? -- Ja, dit is so. (30)

So, /...

So, behalwe vir die naam Gedeelte 7, Sebokeng, is julle n stuk van Evaton? -- Waar? Gebied 7?

Daardie stukkies van Gebied 7 wat toegewys is aan Evaton? -- Dit is so, ja.

En julle word ook verteenwoordig in die Evaton se Raad deur n raadslid? -- Ja, dit is so.

En dit is die Evaton se Raad wat julle huur bepaal? -- Ja, dit is hoe ons dit weet, volgens ons dit verneem het. Dit behoort so te wees dat ons in Evaton moet betaal.

MNR. JACOBS : En die Lekoa Dorpsraad of Dorpsbestuur kan(10) nie vir julle belastings ophef nie?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ophef of opsit?

MNR. JACOBS : Opsit? -- Dit sal ek nie weet nie, maar wat ek wel van bewus is, is dat ons was veronderstel om die verhoogde R5,90 te betaal by dieselfde plek daar.

HOF : By watter selfde plek? -- Met verwysing na hierdie stukkies van Gebied 7 wat onder Evaton val.

En waar moet die geld betaal word? -- By die huurgelde kantore te Evaton kantore.

K631 MNR. JACOBS : In Evaton se dorpsraad self, die Raad, het(20) geen verhoging van huur opgesit nie?

HOF : Ek wonder of dit reg is. Ek herinner my dat ek êrens gelees het dat Evaton die ekwivalent opgesit het wat Lekoa opgesit het. Ek kan my vinger nie daarop plaas nie.

MNR. JACOBS : Ek kan nie onthou dat beskuldigde nr. 6 dit getuig het nie.

HOF : Ek weet nie of dit nie in een van die verslae êrens is nie, maar u kan die getuie vra.

MNR. JACOBS : Kan jy vir ons sê, het die Evaton Raad self enige belastings, fooie, noem dit fooie, hetsy huur of (30)

diensfooie/...

diensfooie opgesit? -- Ja, dit is hoe ons dit geweet het dat die huurgelde ook opgesit was deur Evaton se Raad.

HOF : Wat was die effektiewe datum, van wanneer af? -- Wat ek kan onthou, dit was 1 September wat al die verhoogde gelde betref.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan jou stel dat hierdie wat ek netnou genoem het wat kunsmatig is - ek wil dit aan jou stel wat in werklikheid die posisie was. Met hierdie dringendheid van die vergadering was om die raadslede in onguns te bring en dit te organiseer daarvoor en dit is waarom hierdie (10) dringendheid van die vergadering was.

HOF : Wag net so h bietjie. U het gevra waarom het julle nie aandag gegee aan h verslag oor die Daleside samekoms nie. Toe was daar ander dringende sake wat hulle aandag in beslag geneem het. Hy het nie gesê h dringende vergadering nie. h Dringende saak is toe genoem Rabotape se fees.

MNR. JACOBS : Ek wil dit dan aan jou stel dat die dringende saak, om dit dan net duideliker te stel, wat julle aandag so dringend geniet het, was om optrede te beplan teen raadslede en die rade? -- Nee, dit is nie die rede nie. Wat (20) my betref was die geskilpunt die volgende. Dat ons, die mense van Gebied 7, moet nou die fees gaan ondersteun en die mense van Evaton dra nie eers kennis van die fees wat gehou gaan word nie. Met die gevolg het ons dit goed geag om by die mense van Evaton te verneem wat dit is wat hulle van weet met betrekking tot hierdie fees alvorens enige vorderings gedoen word met die oog daarop om die Raad teen te sit.

Ek het dit alreeds met jou behandel dat daar mense is - ek wil dit net aan jou verder stel, dat julle, as gevolg (30) van/...

van die dringendheid van hierdie ding n vergadering gaan hou het van Gebied 7 se komitee. Dit is wat jy ook in jou hoofgetuienis gesê het? -- Om wat te bespreek in die vergadering?

Het julle nie n vergadering gehou wat jy gesê het op die eerste vergadering het julle nie afgevaardigdes gekies nie, maar op n latere een het julle wel? -- Ek verstaan nou nie die stelling nie.

Kom ons maak dit makliker. Het julle die vergadering gehou wat julle beskou het as n baie dringende vergadering, die Gebied 7 komitee? -- Ons het n vergadering gehou. (10)

Oor die aangeleentheid van die fees spesifiek? -- Ja.

En is dit die dringende saak wat daar geheers het, wat daar was, op die vergadering, die fees, waarom julle nie verslag kon kry van julle mense wat Daleside toe gegaan het nie? -- Nee, wat ons eintlik gedoen het, was ons moes presies geweet het wat die houding is van Evaton se mense voor die dag van die fees. Ons moet nie net n fees gaan ondersteun sonder om te weet wat die gevoelens is van die gemeenskap in Evaton nie.

Wanneer het julle hierdie vergadering gehou? Hoe lank(20) na Daleside se dinge afgehandel was? -- Die vergadering - ons het vergader op 5 Mei op n Saterdag.

Wat het julle besluit op daardie vergadering? -- Ons het besluit dat ons mense van Evaton sal moet ontmoet.

Wat se mense van Evaton? Die publiek? -- Nee, Evaton Ratepayers moes ons ontmoet het.

En die doel daarvan was om saam met hulle te beplan teen die fees? -- Nee, die doel daarvan was om van hulle te verneem of hulle enigiets weet aangaande hierdie fees.

Wat maak dit verskil of hulle iets weet of nie iets (30)

weet/...

weet nie? Ek verstaan dit nie? -- Wat vir ons baie snaaks was, was dat hoekom dit in Sebokeng bekend gemaak word dat daar so 'n fees gehou gaan word, terwyl die fees te doene gehad het met Evaton. As ek praat van Sebokeng, verwys ek na Gebied 7.

HOF : Waarom kon u nie maar net die telefoon optel en julle voorsitter bel of iemand stuur om vir julle voorsitter te vra van Evaton Ratepayers "Weet julle van so 'n ding?" nie? Daar hoef tog nie 'n vergadering te kom oor so iets nie? -- Dit was nie vir ons 'n probleem gewees om 'n afgevaardigde (10) te stuur na die mense van Evaton Ratepayers om te verneem of hulle iets hiervan weet nie. Dit is wat ons eintlik gedoen het.

Wel, ek wil weet of dit 'n afgevaardigde is wat gestuur is of 'n afvaardiging? -- Dit was 'n afvaardiging van drie persone wat na die voorsitter toe is om van hom te gaan verneem of hy enigiets geweet het van die fees wat by die stadion gehou gaan word. Ek was die derde persoon saam met die ander twee. Met ons aankoms daar om dit te verneem van die voorsitter van die Evaton Ratepayers Association, (20) het hy ons meegedeel dat hy, wat die voorsitter is, alreeds in Januarie so 'n bietjie gehoor het van die hele ding, as gevolg waarvan hy, die voorsitter, mnr. Rabotape uitgedaag het en gesê het "Goed, ek sal die gemeenskap roep dat hulle bymekaar kom dat jy wat Rabotape is dit aan hulle moet oordra." Hy sê toe verder dat hy wel die gemeenskap bymekaar gekry het op 'n dag. Rabotape het nie opgedaag nie.

MNR. JACOBS : Julle wou nou so vreeslik dringend uitvind of hulle weet van die fees dat julle eintlik 'n drie-man afvaardiging gekies het en julle kom nou daar en julle (30)

hoor/...

hoor hulle weet van die fees, wat is nou snaaks daaraan? Julle kon toe mos huis toe gegaan het en lekker gaan slaap het? -- Die probleem was, daar word 'n fees gehou waar die gemeenskap se gelde gebruik word vir die fees en die gemeenskap is nie daarmee tevrede nie, want hy het nie opgedaag om die gemeenskap in te lig waarom die fees gaan nie, met die gevolg is dat daar ontevredenheid is. Dus kon ons nie net gaan rus het nie.

Julle het mos nou gehoor die mense weet van die fees?

-- Het u verstaan toe ek gesê het toe die gemeenskap (10) bymekaar geroep was, het die persoon nie opgedaag om dit aan die gemeenskap te kom verduidelik nie.

Nou wil ek weer aan jou stel, na al hierdie omhaal van woorde, dat die hele doel van hierdie gesamentlike bymekaar kom en alles was om te beplan teen die raad oor die fees en dit is as 'n "issue" gebruik? -- Ons kon nie sommer so maklik weggekyk het van 'n probleem wat ons sien hier kom nou 'n probleem nie, want ons was daarvan bewus dat daar vandag 'n fees is wat aandui dat mense bly is en intussen is daar probleme wat kom na die fees, met die gevolg dat daar (20) aandag geskenk moes gewees het op wat later 'n probleem kon veroorsaak het tussen die gemeenskap.

Moet ek nou aflei van jou antwoord wat jy nou gegee het dat dit is reg, julle wou beplan om die mense te mobiliseer teen die raadslede? -- Nee, dit is verkeerd. Die gemeenskap self is nie tevrede nie en die gemeenskap word nie geleer om te verstaan dat dit nie reg is nie. Die gemeenskap is daarvan bewus. So, dit is nie vir ons nodig of vir enigiemand nodig om vir die mense te sê wat dan vertolk word as mobilisering van mense nie, want hulle weet self wat (30)

gebeur/...

gebeur het.

As die mense dan so bewus is van al hierdie dinge, hoekom het julle op 'n protesoptog daarso gereël? Wat is die doel daarvan? -- Nee, ons wou mos verneem het van Evaton se inwoners of hulle enige kennis daarvan gedra het.

HOF : Nee, nee, die vraag is waarom 'n protesoptog met plakkate of 'n protes met die plakkate as die mense dan so goed weet dat hulle ontevrede is? -- Nee, dit was nou bedoel vir die mense, die organiseerders van die fees om dit duidelik te kan sien dat daar nie blydskap tussen die mense is as (10) gevolg van wat daar gebeur nie.

MNR. JACOBS : So, jy sê dit was bedoel vir die organiseerders van die fees, dit was nie bedoel vir die mense wat die fees wou bywoon nie? -- Nee, die gemeenskap tesame met die organiseerders van hierdie fees moes gesien het op hierdie plakkate dat ons nie tevrede is met wat gebeur nie.

So, die gemeenskap saam met die organiseerders moes gesien het dat julle is nie tevrede nie? -- Wie moet sien dat ons nie tevrede is nie?

Ek het jou eie woorde herhaal. Jy weet mos wat jy (20) gesê het. -- Verduidelik dit net 'n bietjie. Ek kan nou nie verstaan watter gemeenskap u nou van praat wat ons van die ontevredenheid bewus wou maak het nie.

HOF : U antwoord was die gemeenskap en die organiseerders van die fees moes sien ons is nie tevrede met wat gebeur nie. -- Ek sê so, ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

HOF : Voordat u begin mnr. Jacobs. Ons het volume 196 ter hand gekry. In die feite wat op rekord geplaas is, is (30) daar/...

daar in hierdie volume twee tikfoute wat ons wil korrigeer. Die een is op bladsy 10 159 heel bo-aan die bladsy die tweede reël "Paragraphs 26 and 27.1 of the request of further particulars" moet lees "of the request for further particulars." Dan die volgende bladsy, bladsy 10 160 paragraaf 13 onderaan die bladsy, op die oomblik lees dit "There was a tacit understanding between Judge and assessors that we could not discuss party politics." Dit moet lees "that we would not discuss party politics." Dit is die enige korreksies wat ons wil aanbring in daardie feite (10) wat op rekord geplaas is.

TSIETSI DAVID MPHUTHI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mphuthi, op hierdie vergadering van 5 Mei 1984, dit is Gebied 7 se vergadering, was Esau Raditsela daar gewees? -- Nee, hy was nie.

Esau Raditsela, het hy besondere belang ook in hierdie aangeleentheid gehad van die fees? -- Ja, die 5de was ons saam met hom gewees.

Het julle spesiaal gegaan en aan hom gaan rapporteer? (20) Hoe het julle hom betrek? Hoe het hy ingekom? -- Ek vermoed dat die voorsitter hom gaan sê het.

Is dit nie so dat Esau het hierdie ding geopper en gesê dat die mense moet vasstel en hulle gestuur na ERPA se mense toe om met hulle samesprekings te voer nie? -- Ek sê by die vergadering van die 5de, was Esau nie teenwoordig nie.

Maar my vraag is, jy kan net sê ja of nee of dit so is, het Esau ook spesifieke opdragte gegee aan, stel dit so, die afvaardiging om oor te dra aan die mense van ERPA? -- Nee, dit is nie so nie. (30)

Gebied/...

Gebied 7 se komitee, hoeveel vergaderings het hulle gehou voordat die afvaardiging gestuur was? -- Ons het nie vergaderings gehad vir 'n lang tyd nie.

Dit is mos nou nie wat ek vir jou gevra het nie. Ek het gevra hoeveel vergaderings het julle gehou? Dit is mos eenvoudig. Verstaan jy dit dan nie? -- Dit is voor die 5de se vergadering as ek reg verstaan?

Oor hierdie kwessie van die fees, hoeveel vergaderings het VCA se Gebied 7 .. (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MR BIZOS : Can the question not simply be put between the (10) 5th and the 12th how many meetings did you hold? The witness has given a number and there is obvious a confusion.

HOF : Ek het ook 'n probleem en dit is hoe ver moet hy teruggaan? Moet hy teruggaan tot begin 1984? Waar wil u begin? Hoeveel vergaderings is oor die fees gehou, waar die fees bespreek is?

MNR. JACOBS : Waar die fees bespreek is deur Gebied 7 se komitee.

HOF : Ja, goed? -- Na die 5de se vergadering het ons nog twee vergaderings gehou. Dit was gedurende die week voor die (20) dag van die fees.

MNR. JACOBS : Is dit Gebied 7 se komitee? Ons verstaan mekaar goed? -- Dit is die gesamentlike vergadering met Rate-payers, dit wil sê die twee gedurende die week.

Maar ek het vir jou gevra hoeveel vergaderings het Gebied 7 se komitee gehou? As dit een is, sê vir die Hof een.

HOF : Bedoel u nou met iemand saam of heeltemal as 'n eie entiteit?

MNR. JACOBS : As 'n eie entiteit? -- Een vergadering.

Is dit die een van die 5de? -- Dit is so. (30)

Om/...

Om tyd te spaar, kom ons gaan reguit na die vergadering by mnr. Mokoena se huis.

HOF : Dit is nou beskuldigde nr. 6?

MNR. JACOBS : Dit is beskuldigde nr. 6. Het jy daardie vergadering bygewoon? -- Dit is so.

En Esau Raditsela, het hy hom ook bygewoon? -- Ja, hy was teenwoordig.

Weet jy hoe dit gekom het dat hy uitgekom het by daardie vergadering? -- Ek het nie geweet hoe dit gekom het dat hy daar teenwoordig was nie, behalwe as ek nou sommer 'n aflei-(10) ding moet maak.

Kom ons gaan tot die punt toe oor. Jy het nie vir die Hof vertel in jou getuienis-in-hoof dat daar 'n komitee gekies is op daardie vergadering nie? Is dit reg? -- Watter vergadering?

Daar by mnr. Mokoena, beskuldigde nr. 6, se huis? -- Ek was nie daarvoor gevra nie.

Was daar 'n komitee gekies? -- Ja, van drie of vier persone. Ek kan nie meer goed onthou hoeveel lede daar was nie. (20)

Wie was as voorsitter van daardie komitee gekies? -- Sover as wat ek kan onthou, was daar nie 'n spesifieke persoon gekies as 'n voorsitter nie.

Was Esau Raditsela nie gekies as 'n voorsitter nie? -- Nee.

Kan jy onthou of daar 'n vise-voorsitter gekies was? -- Vise-voorsitter?

Ja, van daardie komitee?

HOF : Dit sal 'n eienaardige komitee wees as hy nie 'n voorsitter het nie, maar wel 'n vise-voorsitter. (30)

MNR. JACOBS/ ..

MNR. JACOBS : Ek wil dit net toets, want ek kom terug hier-natoe, want ons het getuienis oor hierdie komitee op rekord.

HOF : Wat is die antwoord? Was daar 'n vise-voorsitter? -- Nee, daar was nie.

MNR. JACOBS : As beskuldigde nr. 6 hier vir die Hof vertel het dat Esau Raditsela was gekies as 'n voorsitter van daardie komitee en hy self was gekies as vise-voorsitter, wat sê u daarvan? As sekretaris? -- Wat ek wel van weet is, dat terwyl ons by hierdie vergadering was by beskuldigde nr. 6 het ons daar 'n "joint committee" gekies en hy, beskuldigde nr. 6, (10) was gekies as 'n sekretaris van daardie "joint committee".

Wie was die voorsitter? -- Ek weet nie. Daar was nie 'n voorsitter gewees nie.

Wie was die ander lede van die gesamentlike komitee wat gekies is? -- Ek kan nie meer onthou nie.

Was jy nie ook op hom gekies nie? -- Ek kan nie onthou nie.

Jy kan nie onthou of jy verkies was nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou wie van julle komiteelede van Gebied 7 (20) was op hierdie gesamentlike komitee verkies? -- Dit wat u nou van praat, kan ek net onthou dat daar so 'n komitee verkies was, dit is die gesamentlike komitee waarvan mnr. Mokoena as 'n sekretaris was. Verder die res kan ek nie onthou nie.

Jy kan tog seker vir ons sê wat was die rede hoekom so 'n gesamentlike komitee gekies was? Wat die doel daarmee was? -- Die doel daarvan was om te weet presies hoe om te werk te gaan om die materiaal te kry vir die maak van die pamflette en plakkate.

(30)

Was/...

Was dit 'n gesamentlike komitee om die aktiwiteite daar in die Vaal te koördineer? -- By hierdie vergadering wat ons daar gehad het, was daar 'n gesamentlike komitee verkies vir daardie doel.

MR BIZOS : I am sorry to interrupt the cross-examination. We ask informally for the page number.

COURT : That no. 6 was secretary? That one?

MR BIZOS : That one.

COURT : Yes, what is the page number?

MR BIZOS : 9 842 Volume 189. It is with some regret that(10) I want to read the passage to Your Lordship.

COURT : Yes?

MR BIZOS : "Jy het nou-nou hierso gepraat van 'n interim komitee wat gekies was. Wie is die interim komitee? Dit het jy genoem in verband met daardie vorige protes by die fees." Die Hof vra "Is dit 'n interim komitee of 'n "joint committee?" "Ek dink dit is 'n gesamentlike komitee waarvan hy gepraat het. Ek is nie seker nie." "Vra maar die getuie weer." "Joint committee" is die antwoord. "Mnr. Jacobs: Wie was die 'joint committee' dan wat gekies was?" "Dit (20) is die mense wie se name ek nou net genoem het." "Kyk, is daar nie ook 'n 'joint' komitee tussen VCA se mense en ERPA se mense gekies bestaande uit jou as die voorsitter nie?" "Nee, daar bestaan nie so iets nie." "Esau was vise-voorsitter?" "Nee." "Op hierdie gesamentlike vergadering tussen VCA en ERPA wat plaasgevind het oor die 'million signature campaign' het VCA toe hulle vorms gebring soos julle versoek het" ensovoorts. So, that insofar as reliance is placed in this passage, it is precisely the opposite of what the witness was let to believe. (30)

HOF/...

HOF : Waarop maak u staat, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Op bladsy 9 842, 'n gedeelte daarvan en dan 9 847 gaan dit daaroor aan.

HOF : Lees vir my nou 9 847.

MNR. JACOBS : Ek sal op 9 846 begin lees "Maar daar was net drie van julle op die gesamentlike" dit is 'n vraag van die Hof "drie van ERPA. - Die posisie is so, ons drie wat van my komitee af gekom het, het hierdie gesamentlike komitee wat daar gesit het sou die besluite geneem het namens ons komitee. Dit was nie alreeds besluit deur my komitee dat (10) die kampanje uitgevoer word of nie. Die besluit ..." (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag nou 'n bietjie. Het ons nie twee dinge nie? Het ons nie die "million signature campaign" eenkant en die Rabotape fees aan die ander kant nie?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Ons is nou mos besig met Rabotape se fees?

MNR. JACOBS : Maar die getuienis was ook en dit was gevra aan hom, ek kan nie my vinger nou op die oomblik daarop lê nie, dat hierdie gesamentlike - dit is dieselfde komitee (20) wat in altwee gevalle opgetree het.

HOF : Wel, u sal u vinger daarop moet lê want daar is nou beswaar.

MNR. JACOBS : Ek sal dit dan net moet soek.

HOF : Daardie deel wat u nou vir my lees het te doen met die kampanje van handtekeninge, lyk dit vir my.

MNR. JACOBS : Ek kan nie op die oomblik my vinger daarop lê nie.

HOF : U kan daarop terugkom, maar laat hierdie kruisonder-
vraging dan oorstaan. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Goed. Op hierdie vergadering by die huis van beskuldigde nr. 6, wat is daar bespreek oor pamflette? -- Die besluit daar was dat daar pamflette gedruk sal word om later versprei te word om die gemeenskap daardeur in te lig dat hierdie fees nie aanvaar word nie.

Dat hierdie fees nie aanvaar word nie deur wie? -- Dat die gemeenskap nie die fees aanvaar nie.

So, met ander woorde, verstaan ek jou dan reg, die gemeenskap word ingelig dat die gemeenskap verstaan nie die fees nie? -- Ja, want die gemeenskap self was nie daarvan(10) bewus dat daar so 'n fees gehou word nie.

So, hulle moes ingelig word dat hulle moet nie die fees aanvaar nie? -- Ja, want ons aanvaar dit nie. Eintlik ondersteun ons dit nie.

En die ons wat jy nou van praat is dit nou die gesamentlike vergadering en die VCA se Gebied 7 komitee? -- As ek praat van die gemeenskap wat ingelig moet word deur 'n gemeenskap wat nie die fees aanvaar nie, dan praat ek van die komitees van die VCA en ERPA. Hierdie twee komitees bestaan as gevolg van die verkiesings wat gehou was deur die gemeen-(20) skap, dit wil sê deur die mond van hierdie komitees namens die gemeenskap word die gemeenskap verder ingelig dat wat nou gaan plaasvind word nie aanvaar nie.

Was hierdie pamflet gesamentlik - het julle daar besluit dat dit 'n gesamentlike pamflet moet wees van ERPA en VCA? -- Dit is so.

Het julle dit daar uiteengesit in hierdie pamflet hoekom ERPA en VCA nie hierdie fees aanvaar nie? -- Ons het dit nie so op die pamflet laat verskyn nie, maar wat wel gebeur het is dat hierdie persone was nie verkies deur die meerderheid(30)

van/...

van die gemeenskap nie.

Ek verstaan nou nie. Watter persone was nou nie gekies deur die meerderheid van die gemeenskap nie? -- Hulle was lede wat besig was om vir die mense te sê daar is 'n fees en wat beweer word dat hulle nou namens die gemeenskap optree. Hulle is nie deur die meerderheid van die gemeenskap gekies nie.

HOF : Dieselfde geld seker vir die komitee van Gebied 7? Is dit nie so nie? Die meerderheid van die mense, van die gemeenskap was nie op die vergadering nie? -- Nee, dit is (10) nie dieselfde nie. Die getal mense teenwoordig by ons massavergaderings was ver meer as die mense wat teenwoordig was met die verkiesing van die raadslede. Met die gevolg, my komitee het bestaan as gevolg van die meerderheid van mense wat ons gehad het by die massavergaderings. Dit wil sê die verkiesing van my komitee is dus verkies deur die meerderheid van die mense in vergelyking met die verkiesings van die raadslede.

MNR. JACOBS : Hoeveel mense was daar op julle vergadering, die massavergadering toe jy gekies is? -- Honderd-en-vyftig (20) tweehonderd of plus.

Uit 'n bevolking van? Wat sal jy sê is die bevolking daar in die Vaal in daardie woongebiede? -- Driehonderd duisend plus.

En wat sal jy sê is die bevolking van Gebied 7? -- Dit is duisende. Ek weet nie wat om te sê, wat se skatting moet ek gee nie. Omtrent twintigduisend of meer. Dit wil sê twintigduisend plus.

Honderd-en-vyftig uit twintigduisend plus in Gebied 7 sê jy is verteenwoordigend van al die mense daar? -- Daar (30)

is/...

is eintlik nie h verskil nie. Ek sal u sê hoekom. As dit nou so gesien moet word. Daar is h raadslid in Gebied 7. Niemand het daarvoor gestem dat daardie persoon verkies moet word as h lid van Gebied 7 nie en as h mens dit nou moet insien by die getal mense wat ek nou net genoem het wat teenwoordig was met die verkiesing, hierdie verkiesing van die komitee staan nog h goeie kans.

HOF : Ons is nou besig om ontsettend af te wyk as gevolg van h los antwoord van jou wat glad nie h antwoord was op die vraag nie. Die vraag was of die rede uiteengesit is (10) in die pamflet waarom die fees nie aanvaarbaar was nie en die antwoord was dat dit nie so op die pamflet uiteengesit was nie. Kom ons terug na wat ons eintlik mee besig was.

MNR. JACOBS : Het julle op die pamflet ingesit dat die raadslede nie aanvaarbaar is nie omdat hulle nie verkies was deur die meerderheid van die mense nie? -- Ek het alreeds gesê ons het niks oor die raadslede op hierdie pamflet geskryf nie, behalwe dat ons gesê het in hierdie pamflet dat die fees nie aanvaarbaar is nie.

Wie het betaal vir hierdie pamflet? -- Ons teenwoordig(20) daar het bygedra vir die betaling van die pamflette.

En vir die plakkate en die materiaal vir die plakkate? -- Die geld wat ons daar gekollekteer het, was bedoel vir die bekom van al die nodige materiale.

Die plakkate wat julle daar sou gebruik het, was dit bespreek en bewoording daarvan, was dit bespreek op daardie vergadering? -- Nee, dit was oorgelaat aan beskuldigde nr. 6 om die plakkate te skryf.

Het julle nie vir hom gesê waarom dit moet gaan nie? -- Ek kan nie onthou dat ons aan hom gesê het wat om te (30)

skryf/...

skryf op die plakkate nie.

Het julle besluit hoeveel plakkate julle nodig het? --
Dit was 'n hele klomp. Ek kan nie 'n getal onthou nie.

Twintig, honderd? Kan jy vir ons naastenby sê wat het
julle besluit? -- As ek moet skat was dit naastenby twintig
gewees.

Twintig plakkate? -- By benadering as ek nou moet skat.

Die lede van ERPA en die lede van die VCA en Gebied 7
was mos genoeg om self daardie plakkate te hou. Is dit reg?
-- Ja, hulle kon dit gedoen het. (10)

Toe het julle seker gereël ook dat hulle sal kom en
daardie plakkate hou, want dit is mos julle wat die organisasie
gedoen het? -- Esau het die jeug gaan kry om die plakkate te
hou.

Maar ek verstaan nie hoekom was dit nodig dat die jeug
ook nou betrek word in die ding nie. Julle was mos genoeg
mense om dit te hou? -- Ek weet nie wat u wil sê nie, maar
wat ek wil sê is dat die jeug was verkry om die plakkate daar
te hou en dit is die feit. Dit is wat gebeur het.

HOF : Maar die vraag is, waarom was die jeug nodig? -- (20)
Omdat dit te doene gehad het met die gemeenskap.

MNR. JACOBS : Maar al het dit te doene gehad met die gemeen-
skap was dit mos nou nie nodig om die jeug te kry nie.
Julle wat ook te doen het met die gemeenskap kon dit mos
self gedra het? -- Ja, maar die vergadering wat ons daar
bygewoon het, het so besluit.

Ek wil dit aan jou stel dat hierdie plakkate wat julle
daar gaan vertoon het, was direk daarop gemik om die raadslede -
om die mense en die inwoners te mobiliseer teen die raads-
lede om hulle vyandiggesind te word? (30)

HOF/...

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Hierdie woord mobiliseer word in verskillende skakerings lyk dit vir my gebruik deur die Staat. Waarom praat u nie net doodgewoon Afrikaans nie? Wil u vir die getuie stel dat die plakkate bedoel was om die mense vyandiggesind te maak teen raadslede?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Maar dan moet u dit so stel. Kom ons los hierdie groot woorde uit.

MNR. JACOBS : Soos dit u behaag. --Nee, u moet dit mooi verstaan. Die bedoeling van hierdie plakkate was nie om (10) onderwys te gee aan die gemeenskap om vyandiggesind te word teenoor die raadslede nie. Die doel daarvan was dat ons dit nou duidelik gemaak het dat wat nou gaan plaasvind nie aanvaarbaar is vir die gemeenskap nie.

Ek wil dit aan jou stel dat julle was direk daarop uit om die raadslede in 'n slegte lig te stel en te beledig? -- Dit is nie korrek dat ons hulle in 'n slegte lig wou stel of hulle wou beledig het nie. Al wat ons daar gedoen het was om bekend te maak wat nie aanvaarbaar was nie. Dit is al.

Kom ons toets dit. Jou getuienis is dat "Do not (20) feast with disciples of evil" is een van die pamflette?

HOF : Plakkate of pamflette?

MNR. JACOBS : Plakkate, ekskuus? -- Wat sê die ander een?

Stem u saam, was dit die een plakkaat gewees? -- Ja, dit is so.

Nou wie is "disciples of evil"? -- Dit is die raadslede.

Hoekom is hulle dissipels van alles wat sleg is? -- Verberg hulle dit? Hulle verberg dit nie. Hulle maak dit openbaar.

Nee, julle sê mos hulle is "disciples of evil" en (30)

so/...

so moet die mense wat daardie plakkate sien dit verstaan?

-- Ja, dit is omdat hulle doen en late welbekend is en hulle is mense wat nie skaam is of ander mense jammer kry nie.

Hulle dink net aan hulle self.

Wil jy vir die Hof nou sê om mense uit te maak as "disciples of evil" is nie swart smeer en sleg maak van raadslede nie? -- Nee, maar hulle is alreeds bekend aan die gemeenskap op daardie manier.

HOF : Hier was hoeveel raadslede in Evaton? -- Ek kan nie die getal sommer nou onthou nie, maar wat ek wel kan sê (10) is, hulle was meer as een.

Meer as een? -- Meer as een.

Hoeveel meer as een? -- Hulle is baie sal ek sê. Ek weet nie.

Wel is hulle meer as tien? -- Hulle kan miskien tien wees.

Sê u vir die Hof dat elkeen van daardie mense 'n dissipel van die onheilige is? -- Was dit nie die geval nie, sou hulle hulle nie by hierdie ding betrek het nie, want hulle sien wat gebeur het. (20)

Dus u het self niks spesifiek teen enigeen van hulle gehad nie, teen 'n besondere persoon? -- Nee, om eerlik te wees nie. Eintlik haat ek niemand van daardie mense nie, want hulle is mense wat aan my bekend is. Dit gaan nie oor of ons nou iets het teen 'n persoon nie. Ons haat hulle nie.

Nee, maar kom ons los die woord "haat" nou uit. Het u teen iedere en elkeen van hulle so 'n kapsie gehad dat u hom 'n dissipel van die slegte sou noem? -- Ek het nie 'n spesifieke persoon teenoor wie ek 'n vinger kan wys en sê teenoor hierdie persoon het ek 'n kapsie omdat dit en dit (30)

met/...

met hom gebeur het nie, maar wat ek wel kan sê in die algemeen is hulle net nie goeie mense nie.

U sê dat hulle nie goeie mense is nie. As ek h regte afleiding maak en u moet vir my sê of dit verkeerd is, bloot omdat hulle deel het aan die sisteem, die raadslidsisteem? -- Ja, omdat hulle nie dinge doen wat die gemeenskap tevrede stel nie. Daar is niks wat h mens aan kan dink of na verwys en sê dit is wat hulle gedoen het wat veroorsaak het dat die gemeenskap bly was as gevolg van hierdie mense se optrede nie. (10)

Nou agterna gesien, dink u nie daardie plakkaat was ietwat te skerp gestel nie? -- Ek het dit nie gedink dat dit te skerp gestel was nie. Ek het dit aanvaar as die beskrywing van die persone.

Wat sê u nou? -- Ek sien hulle as mense wat net nie genadig is met die gemeenskap nie.

Wat sê u nou van die plakkaat? Is die plakkaat nog reg? Dit is al wat ek wil weet? -- Ek het geen kommentaar oor hierdie plakkaat nou nie.

MNR. JACOBS : h Volgende plakkaat wat daar gebruik was (20) volgens jou getuïenis het gelees "Today you eat, tomorrow you sleep in the veld." -- Dit is wat daar gebeur het en wat welbekend was onder die gemeenskap.

Wat is die boodskap wat julle hier uitdra aan die gemeenskap dat "tomorrow you sleep in the veld"? -- Dit is om hierdie boodskap oor te dra dat mense baie versigtig moet wees. Hulle moet nie gelei word soos h hoender met mielies in h huis in wat later doodgemaak word nie.

Wie sou hulle doodmaak? -- Nee, hier praat ons van die probleme wat die mense ondervind het omrede die bestaan (30)

van/...

van die raadslede nie wat niks omtrent die probleme gedoen het nie.

Nou vra ek weer vir jou wat is dan die boodskap "Tomorrow you sleep in the veld"? -- Ek weet nie wat die skrywer daarvan in gedagte gehad het toe hy dit geskryf het nie, maar wat ek sê, my vertolking daarvan is dat 'n mens moet versigtig wees. Hy moenie gelei word soos 'n hoender met mielies in 'n huis in nie.

Die mense wat môre in die veld sal slaap, is dit nou mense wat uitgesit word uit hulle huis word, in die gemeen-(10) skap? -- Dit is so. Dit is hoe ek dit verstaan.

So, hierdie pamflet is ook dan gemik teen die aktiwiteite van die raadslede? -- Dit is hoe ek dit verstaan.

As 'n mens kyk, die teendeel is, dit word aan die gemeenskap gestel, hulle moenie gaan eet saam met die raadslede nie. Is dit reg? -- Hoe kan jy gaan bly wees met 'n persoon en iets geniet terwyl die persoon nie van jou hou nie?

Antwoord nou maar net die vraag. Is die bedoeling hier dit word aan die gemeenskap oorgedra, hulle moet nie saam met die raadslede gaan fees vier nie, hulle moet nie saam met (20) die raadslede eet nie, hulle moet die raadslede met ander woorde verwerp? -- Nie dat hulle verwerp moet word nie. Die boodskap daar verstaan ek dat as die raadslede daar alleen die fees gaan hou, moet hulle alleen gaan en die gemeenskap agter los of uitlos.

Hierdie hele oefening, stel ek dit aan jou - kan jy net vir ons sê, was daar nog ander plakkaate ook gewees dat ons kan hoor wat is die bewoording van hulle wat jy onthou? -- Ja, daar is een byvoorbeeld die plakkaat sê daar moenie 'n herbeplanning wees in Evaton nie. (30)

Die/...

Die herbeplanning, wie is dan daarvoor verantwoordelik in Evaton? -- Dit is die Raad.

Kan ek dit aan jou so stel dat al die plakkate was daar gewees en het dieselfde trant en dieselfde rigting gehad as 'n opsweping teen die Raad of raadslede? -- Nee, nie dit nie. Dit was bedoel om die boodskap oor te dra dat die gemeenskap moenie met die raadslede se doen en late gaan inmeng nie. Hulle moet by die huise bly en die raadslede los om voort te gaan met wat hulle besig is om te doen.

Met ander woorde, verstaan ek daar dan julle aanvaar(10) dat die raadslede maar aangaan en belastings verhoog en daardie tipe dinge en geld uitgee, raadsake te behartig en uit te voer? -- Daarby was die boodskap dat hulle die mense net so moet los, want wat die raadslede besig was om te doen, dit wil sê om die geld te spandeer met die fees, is nie in die belang van die gemeenskap nie, want die raadslede weet na hulle die geld spandeer het deur dit te mors, soos hulle gedoen het, sal hulle die huurgelde verhoog om daardie geld weer terug te vorder op 'n manier. So, die waarskuwing is dat hulle hulle moet weghou van sulke goed af. (20)

Hierdie plakkate wat hierdie mense gedra het, het hulle ook daarop bekend gemaak dit is uitgegee of dat dit ERPA en VCA is wat die mense hierso roep soos dit op die plakkate voorkom? -- Nee, dit is nie belangrik nie.

HOF : Wat is die antwoord? Dit was nie daar op nie? -- Nee, dit was nie.

MNR. JACOBS : Die "million signature" kampanje wat julle gevoer het, VCA het alreeds vroeër, voor Juniemaand 1984 begin met hierdie kampanje. Weet u daarvan? -- Voor Junie?

Ja? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. (30)

Weet/...

Weet jy of hulle op 'n stadium - het jy ooit van die vorms in besit van VCA of in julle eie komitee se besit gesien? -- Die 5de het ons 'n vergadering gehad en die Saterdag na die 5de was die "million" handtekeningkampanje. Ek het dus die vorms daar gesien.

HOF : Ek dink ons het bepaal dit is 7 Julie? -- Dit is wat ek sê. Die 5de het ons die vergadering gehad. Na die 5de, dit wil sê die Saterdag na die 5de Julie, het ek dit gesien.

MNR. JACOBS : Wat se vergadering verwys jy na wat julle gehou het op die 5de? -- Waar die "million" handtekening- (10) kampanje bespreek was.

Wie het die vergadering gehou? -- Gebied 7 komitee gesamentlik met ERPA.

Hoe het dit dan gekom dat Gebied 7 gesamentlik met ERPA 'n vergadering gaan hou? -- Ek kan nie meer goed onthou hoe dit gekom het nie, maar wat ek wel kan sê is dat die komitee van Gebied 7 tesame met ERPA het 'n gesamentlike vergadering gehou by nr. 6 se woning.

Wie van Gebied 7 was daar teenwoordig by daardie vergadering? -- Eksel, Sefako Mokoena, Edith Lethlake, Edward (20) Motobatsi en Esau.

Hoe het dit dan nou gekom dat Esau daar was? Hy is mos nie Gebied 7 se komitee nie? -- Dit is so, ja.

Wat het hy daar gemaak? -- Ek kan nie meer onthou wat hy daar kom doen het nie, maar wat ek wel kan sê is dat ons het daar vergader met die oog daarop om die "million" handtekeningkampanje te bespreek.

Was die vorms daar gewees vir hierdie kampanje? -- Ek kan nie onthou hier op die 5de nie, maar wel die Saterdag.

Maar as julle dit moes bespreek het, dan moes julle (30)

mos/...

mos die vorms daar by julle gehad? -- U kan nie sê dat dit h moet was dat die vorms daar moes gewees het nie.

Het jy voorheen geweet wat gaan aan met die "million signature" kampanje? -- Ek het net gehoor van wat gesê word sonder om die vorms te sien.

Het jy geweet wat gaan aan met die kampanje toe jy daardie vergadering gaan hou het daardie dag? -- Ons het net geweet dit is h "million" handtekeningskampanje wat nie apartheid aanvaar nie.

Het jy geweet hoe werk die kampanje? -- Al wat ek (10) geweet het was dat h persoon die vorm gegee sal word, die persoon sal die vorm lees en dan indien die persoon saamstem met die inhoud van die vorm, sal die persoon dan op die vorm teken.

Het iemand op hierdie vergadering die kampanje uiteengesit, wat dit is en hoe dit werk en wat die doel daarvan is en oogmerke? -- Ek kan nie van so h geval onthou nie.

Kom ons kry dit dan op h ander manier waar jy miskien vir ons kan help. Wat het julle besluit op daardie vergadering? -- Ons het besluit dat die Saterdag daar drie (20) plekke gevind sal word waar persone geplaas gaan word vir die bekom van die "million" handtekeninge.

Waar sou julle die vorms kry, die mense wat op die drie plekke sou wees? -- As ek reg is sou Esau die vorms gebring het.

Stem jy saam dat jy is baie, baie vaag oor wat hier gebeur het op hierdie vergadering? -- Ek vertel dan aan u wat daar gebeur het.

Nou goed, vertel dan vir my hoekom het julle besluit om hierdie UDF kampanje op te neem? -- Die nie-aanvaarding (30)

van/...

van sekere rasse, wat ek kan sê is apartheid.

Het julle geweet dit is h UDF kampanje? -- Ja, ons het geweet, maar dit is ons wat dit uitgevoer het, nie die UDF nie.

Ja, dit is seker hopelik julle wat dit uitgevoer het. Het julle geweet dat dit neerkom op h verwerping van die konstitusiewet? -- Al wat ons goed verstaan het daardie tyd was dat alles wat te doene het met apartheid aanvaar ons nie.

Kan jy onthou dat Mohammed Vali van UDF daardie (10) dag julle vergadering bygewoon het en julle toegesprek het oor hierdie kampanje? -- Waar opgedaag het?

HOF : Nee, maar is dit so dat Mohammed Vali by julle op die vergadering was? -- Nee.

MNR. JACOBS : Het hy julle nooit daar in die Vaal toegesprek oor die "million signature" kampanje nie? -- Nie by ons Gebied 7 komitee nie.

K632

Wie het gesê dat Gebied 7 moet saam met ERPA daardie vergadering hou? -- Al wat ek kan sê is dat ons het al vantevore gesamentlik opgetree met ERPA. Op hierdie stadium(20) wie se voorstel dit was dat ons gesamentlik moet wees by hierdie vergadering, kan ek nie sê nie.

So, u is daaroor baie vaag? U weet nie? -- Ek kan nie meer onthou hoe dit gekom het en wie daardie voorstel gemaak het dat ons gesamentlik h vergadering moet hou nie.

Weet u vir watter rede dit was dat julle saam met ERPA hierdie vergadering moes hou? -- Die rede daarvoor was dat omdat ons verstaan het dat ons aanvaar nie apartheid nie, was ons bymekaar.

So, die rede was dat ERPA aanvaar ook nie apartheid (30)

nie/...

nie? -- Ja, ons het daar vergader met daardie verstandhouding.

Die interim komitee, het hy nog bestaan op daardie stadium?

HOF : Is dit n interim komitee of n gesamentlike komitee?

MNR. JACOBS : n Gesamentlike komitee is eintlik die woord?

-- Ek vermoed so, ja.

Is dit nie hierdie interim komitee - het hy ook opgetree in hierdie verband ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou dieselfde komitee of n ander een wat u van praat? (10)

MNR. JACOBS : Ekskuus, die gesamentlike komitee. Het n gesamentlike komitee ook opgetree daar in verband met hierdie "million signature" kampanje? -- Ja, want ons het maar op dieselfde basis gewerk soos ons vroeër gewerk het in die verlede waar ons gesamentlik opgetree het. Ek het geen verskil gesien nie.

Is dit dieselfde gesamentlike komitee wat gewerk het ook by die vorige geleentheid, toe julle die protesoptog gehou het? -- Dit is so.

Wat moes hierdie gesamentlike komitee nou gedoen het (20) omtrent hierdie "million signature" kampanje? -- Soos ek al vroeër gesê het, ons het besluit dat daar drie plekke gesoek moet word of gevind moet word waar hierdie kampanje uitgevoer word en by hierdie plekke het ons tafels en stoele nodig gehad. Dus sal ons iemand moet kry om dit vir ons te verkry.

Maar dit antwoord nog nie my vraag nie. My vraag gaan juis oor die gesamentlike komitee. Moet ek dan verstaan hierdie vergadering, die mense wat op daardie vergadering was die gesamentlike komitee? -- Ek het alreeds gesê ons het daarop dieselfde manier en basis gewerk waarop ons gewerk(30)

het/...

het vroeër met die tyd van die protes.

Nou vra ek weer vir jou die vraag, moet ek dan verstaan dat die mense wat vergader het op hierdie besondere dag, jy het gesê dit is 5 Julie, was dit die gesamentlike komitee? -- Ek het alreeds gesê dit is so.

By watter punte moes julle handtekeninge versamel?

HOF : Ek dink hy het al vir ons drie punte gegee, is dit nie?

MNR. JACOBS : Ja, hy het gegee, maar kan jy dan vir ons sê by watter punte is handtekeninge versamel? -- Masenkeng Bus Terminus, Residensia en Evaton Bus Terminus. (10)

So, by al drie is daar handtekeninge versamel? -- Ja, mense het daar geteken.

By watter punt het jy gewerk? -- Gebied 7.

By watter punt? Ek ken nou ongelukkig nie Gebied 7 nie? -- Masenkeng Bus Terminus.

Wie het jou bygestaan? -- Sefako Mokoena.

Ja? -- Esau Raditsela was ook teenwoordig.

Ja? -- En beskuldigde nr. 6 was ook teenwoordig daar.

Nog? -- Dit is sover as wat ek kan onthou.

Wie is die mense wat julle aangewys het om by die ander(20) twee punte die dag handtekeninge te versamel en versamel het? -- Ek kan nie meer onthou wie hulle was nie, want wat gebeur het is die volgende. Mnr. Mokoena moes die tafels en stoele vervoer het na die punte toe waar die handtekeninge bekom moet word. Weens die probleme wat hy gehad het met sy voertuig, het hy nie daarin geslaag om dit uit te voer nie. Mense het net daar gestaan om hierdie handtekeninge te bekom.

Daar waar jy was, hoe het julle dit bekom? Kan jy vir ons sê? -- Die vorm was aan die mense gegee dat die persoon dit lees en diegene wat voel om sy handtekening daarop aan(30)

te/...

te bring, het wel so gedoen.

Was daar tafels waar hulle kon teken of het hulle net so gestaan en dit geteken? -- Ek het alreeds gesê weens die probleme van Mokoena se voertuig kon die tafels nie die punte bereik nie.

Nou maar ek vra jou nou 'n eenvoudige vraag. Was daar 'n tafel waar hulle geteken het by jou plek of nie? -- Nee.

HOF : Ook nie stoele nie? -- Nee.

MNR. JACOBS : Weet jy of by die ander punte tafels en stoele was? -- Ek was nie by hierdie ander punte gewees nie. (10)

Mnr. Mokoena sê jy was ook daar by die punt waar jy gewerk het, nê? -- Hy het daar opgedaag, dit wil sê by die punt waar ek was.

Het hy toe daar gebly?

MR BIZOS : My Lord, I think the time has come to place a general objection on record. The State alleges that the accused took part in a campaign. The accused that has already given evidence, accused no. 6 has agreed that that is so. He has admitted the State allegation that he took part in the campaign. Similarly, this witness had admitted (20) that he personally and his organisation took part in the campaign. One can understand cross-examination as to what the purpose of the campaign was, because that is really one of the issues, but with the greatest respect I submit that Your Lordship should exercise control over the prosecutor as to the extent to which we can have repetitive detail as to tables and chairs and whether a person who has already admitted that he was present, whether he was present or not, because in our respectful submission, it carries the case no further. If an allegation is made and it is admitted (30) substantially/...

substantially that we did take part, cross-examination is no doubt relevant, admissible as to what the purpose of it was, whatever has been put in issue, but what useful purpose is being served with the greatest respect in eliciting detail from one witness after another in relation to the minutia in relation to the carrying out of a physical act, which is admitted? I have always understood cross-examination, the purpose of cross-examination to be to try and either break down the evidence which has been given, I do not think that the States wants to do that, because it is an admission, (10) or to try and elicit facts which may support a party's case. I do not know with the greatest respect to what extent the State case is being advanced as to the - with the details that are being sought from one witness after another on matters which are common cause.

HOF : Waarheen lei die kruisondervraging?

MNR. JACOBS : Dit is vir my baie eienaardig dat mnr. Bizos hierdie beswaar maak. Die geloofwaardigheid van die getuies kom ter sprake. Hierdie spesifieke dele wat nou gevra word, is in direkte botsing met wat beskuldigde nr. 6 gesê (20) het. Ek kan sekerlik, om later aan in my betoog te argumenteer oor geloofwaardigheid van getuies, hiervan gebruik maak en ek het nie eers vir hom gestel wat beskuldigde nr. 6 gesê het nie. Sy eie weergawe kom die detail van die botsing daaroor uit.

HOF : Maar gestel nou, ons het nou die botsing daar, die een sê daar was 'n tafel en die ander sê daar was nie 'n tafel nie, waar bring dit ons? Watter afleiding moet ek daarvan maak? Want almal is dit eens dat daar 'n kampanje was. Almal is dit eens dat dit by drie punte was, neem ek aan. (30)

As/...

As die een sê daar was 'n tafel en die ander een sê daar was nie 'n tafel nie, wat dan?

MNR. JACOBS : Ek sal die Hof op die ou end oor die doel van die kampanje en daardie moet toespreek.

HOF : Ja, maar ek kan begryp as u oor die doel van die ding vra en oor die UDF se betrokkenheid, as u daarop ingaan. Dit kan ek ook heeltemal begryp, maar wat help dit ons om oor sake wat gemeensaak is te staan en sukkel?

MNR. JACOBS : Ons is gedeeltelik op gemeensake. Ek sal nie sê ons is vol op gemeensake op hierdie aspekte nie. (10)

HOF : Ja, maar u gaan my sekerlik nie aan die einde van die saak oor of daar op 12 Mei 1984 by Mankweng of wat ook al die plek se naam is 'n tafel was of nie 'n tafel was nie. Daar is darem belangriker goed in hierdie saak om oor te debatteer as dit. Al is dit so dat die een sê daar is 'n tafel en die ander een sê daar is nie 'n tafel nie, watter afleiding moet 'n mens daarvan maak? Een van hulle se geheue is nie so goed soos die ander s'n nie. Al twee sê daar is 'n kampanje gevoer. 'n Mens moet 'n bietjie realisties wees. Ons kan nie net eenvoudig vrae vra vir die lekker nie. (20)

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan jou, die hele doel van hierdie kampanjevoering was om die massas en die mense te kry, direk met hulle kontak te maak en te praat en te kry om teen te gaan teen die nuwe konstitusie, teen die Koornhof wette en teen die hele Regering en die sisteem? -- Nee, ek verstaan die volgende dat dit bedoel was om 'n getal te kry van persone in die gemeenskap wat teen die apartheid was.

Ek stel dit verder aan jou - laat ek dit eers so kry. Was die vorm wat soortgelyk of identies is met AS1 en ook 'n verdere vorm AS - ek sal sê dit is twee dokumente, AS1. (30)

Die/...

Die eerste is daardie getikte deel en die tweede is dan die "signature" self. Was die goed daar by julle beskikbaar gewees? -- Die eerste dokument vind ek 'n bietjie moeilik om te identifiseer, want dit was ons daar gehad het, was 'n gewone wit vel papier waarop geskryf gestaan was of met 'n geskrif daarop, maar hierdie een wat nou aan my getoon word kan ek nie met sekerheid identifiseer nie. Wat die tweede dokument betref, die dokument wat ons daar gehad het, het mense agter op iets gelees wat daar was en dan die dokument weer omgeblaai het om dit te kon teken. Dit wil sê (10) agterop daardie dokument, wat 'n mens moes teken, was daar iets gewees wat 'n mens eers moes lees voor hy teken.

HOF : Kan dit wees dat hierdie handtekeninge aan albei kante van die dokument was, as die een kant vol is, 'n mens agter op geteken het? -- Nee, dit was net aan die voorkant gewees waar die adresse ook moet wees.

Laat ons net duidelikheid kry. Hierdie vorm AS1 dokument 2, is dit die dokument wat julle mense laat teken het of is dit 'n ander een? -- Dit is 'n soortgelyke dokument soos hierdie een wat die mense geteken het. (20)

MR BIZOS : If I may be permitted in fairness to the witness to indicate that there were translations on the ... (Court intervenes)

COURT : On the back side?

MR BIZOS : I do not know if they have been proved, but I had seen ... (Court intervenes)

COURT : Well, if we take out AS1, the original, it will probably have at the back of it a translation?

MR BIZOS : A translation.

COURT : If necessary we can take it out. (30)

MR BIZOS/...

MR BIZOS : As Your Lordship pleases, but I have seen translations on the obverse side.

MNR. JACOBS : Ek wonder of dit nie miskien wenslik is dat h mens dit kry, dat h mens hom nie verwar nie, dat h mens miskien kyk of ons die goed kan uitkry nie.

HOF : As daar h debat oor gaan wees kan ons die dokument uithaal, maar ek dink nie ons moet die getuie laat afstaan daarvoor nie. U kan in etenstyd kyk of u dit kan vind.

MNR. JACOBS : Jy het netnou gesê daar was h wit papier voor en dan kry jy hierdie een. Was dit h gedrukte papier of (10) die geskrewe papier wat jy van praat? Was dit h gedrukte of h handgeskrewe ding?

HOF : Die getuie het nie gesê daar was voor die vorm h ander papier nie. Hy het gesê daar was h ander papier, h wit papier, nie dat hy voor aan die vorm was nie.

MNR. JACOBS : Kan ek dit dan net duidelik kry. Die ander geskrewe deel, was dit heeltemal h aparte dokument? -- Ek praat van hierdie dokument twee. Dit is die dokument wat ek gesien het.

Die ander geskrewe een of gedrukte een, wat se (20) dokument was dit? Was daar nie so h ander dokument nie? -- Dit was gelerig van kleur soortgelyk aan daardie geel wat op hierdie dokument twee staan.

HOF : Net om die rekord duidelik te hou. Op my dokument twee is daar nie geel nie omdat ek nie strepe op myne getrek het soos die aanklaer op syne getrek het nie. Wat is nou die probleem, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Nee, ek wil net seker maak of daar nog h dokument is.

HOF : U moet net vir hom vra of AS1, die eerste dokument, (30) h dokument/...

n dokument is wat hy gesien het. As hysê nee, dan sê ons dit is afgehandel. Ek dink hy het klaar gesê hy het hom nie daar gesien nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K633

TSIETSI DAVID MPHUTHI, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : Mnr. Mphuthi, ek wil gaan na die vergadering wat jy noem 11 Augustus 1984. Jy sê op daardie vergadering het julle besluit, julle komitee, om n massavergadering te hou op 26 Augustus 1984?(10)
-- Ja, dit is so.

Het julle besluit hoe laat die vergadering gehou sal word? -- Die gewone tyd vir ons vir vergaderings is 14h00.

Ek vra nie vir jou wat is die gewone tyd vir julle vergaderings nie, ek vra het julle n besluit geneem oor hoe laat julle vergadering gehou sou word? -- Sover ek kan onthou was dit 14h00. Ons het op 14h00 besluit.

Is jy seker daarvan? -- Sover as wat ek kan onthou, ja.

Sou julle vergadering nie 09h00 plaasgevind het nie? -- Nee, 14h00. (20)

Het julle besluit wie sou die sprekers wees op die vergadering? -- Nee.

Wanneer het jy die eerste keer bewus geword van n gesamentlike massavergadering met Gebied 3? -- Op die 24ste.

Waar was dit? By die vergadering self of waar? -- By die vergadering. Verskoning, nie by die vergadering nie.

HOF : Voor die vergadering? -- Ek het voor die vergadering verneem op die 24ste dat daar n vergadering gehou gaan word.

MNR. JACOBS : Is dit net direk toe jy gesê was om na die vergadering te kom of wanneer daar voor? -- Nee. (30)

Nou/...

Nou wanneer? -- Die oggend. Dit was in die voormiddag gewees.

Was die pamflette vir daardie vergadering se advertering van die 26ste dan nie alreeds uit en versprei onder die mense nie? -- Nee.

So, op die 24ste was daar nog geen pamflette versprei nie? -- Nee.

Was daar op die 24ste enige plakkate al opgesit om die vergadering te adverteer? -- Ons gebruik nie plakkate nie.

Wanneer het julle pamflet wat julle nou self oor (10) besluit het om uit te gee vir die bekendmaking van die vergadering van 26 Augustus, beskikbaar geword, van Gebied 7 s'n? -- Dit was voor dit verkry, maar dit was nie versprei nie. Dit was eers op die 25ste versprei.

Die pamflet is dit die een wat jy na verwys het waar julle die plek sou uitgelaat het? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Is dit die pamflet waarop julle besluit het op daardie vergadering, toe julle besluit het julle gaan h vergadering hou in die Roomse Kerk Small Farms op 26 Augustus, het (20) julle op daardie selfde dag toe julle daardie vergadering gehou het ook bespreek die pamflet wat julle gaan uitgee? Dit is die vergadering van 11 Augustus? -- Dit is so.

Is dit daardie selfde pamflet wat julle dan die 25ste gekry en wat julle uitgegee het? -- Die pamflet wat ons op die 11de bespreek het, is die pamflet wat ek na verwys wat die 25ste deur myself versprei was wat bekend gemaak het van die vergadering.

Het hierdie pamflet bekend gemaak dit is h gesamentlike vergadering met Gebied 3 se mense? -- Nee, dit was net (30)

vir/...

vir Gebied 7 se komitee gewees.

Op hierdie gesamentlike vergadering van die 24ste Augustus, het julle daar bespreek oor die sprekers sê jy?
-- Dit is so.

En was dit toe besluit op hierdie vergadering dat verskillende vlakke van die gemeenskap moet op hierdie 26ste se vergadering praat, soos die jeug, die vroue, die gemeenskapsorganisasies, arbeiders? -- Dit is so.

Hierdie vergadering van die 24ste, was dit ook bygewoon deur Esau? -- Dit is so. (10)

Het hy die VCA daar verteenwoordig op die vergadering, die VCA se hoofbestuur? -- Ja.

En hy het ook as sulks deelgeneem aan al die besprekings daar? -- Nee, hy het niks gesê nie.

Het hy nie eers gesê hy sal 'n spreker namens die jeug kry nie? -- Ek kan nie onthou dat dit oorspronklik van hom af gekom het nie.

Wie moes die spreker namens die jeug gaan reël dat daar 'n spreker namens die jeug sal wees? -- Dit het nie oorspronklik van hom af gekom nie. Ons het versoek dat hy vir ons (20) 'n jeug moet kry.

Van watter organisasie, watter jeugorganisasie moes hy 'n spreker kry? -- Ons het nie gepraat van 'n organisasie nie. Ons het net gevra vir 'n jong persoon as 'n spreker vanaf die gemeenskap.

Jy was bewus daarvan dat daar 'n COSAS tak in die Vaal is? -- Ek het die naam COSAS geken, ja, maar watter organisasie dit was, weet ek nie. Met ander woorde, ek het nie eers die lede van die organisasie geken nie.

Het jy geweet daar is 'n COSAS tak in die Vaal? -- Ek (30)

het/...

het nie geweet dat daar 'n tak van COSAS in die Vaal is nie. Al wat ek geweet het was dat daar 'n organisasie vir skoolkinders bestaan wat bekendstaan as COSAS.

In die Vaal? -- Ek het alreeds gesê ek weet nie daarvan dat daar so 'n organisasie in die Vaal bestaan het nie.

Het jy geweet van die Vaal Youth Congress? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Absoluut niks? -- Ek weet nie van so 'n organisasie nie.

Hoekom moes Esau spesifiek 'n jeugspreker gekry het? -- Omdat dit nodig was dat daar 'n spreker moet wees van 'n (10) jong persoon.

Maar hoekom moes Esau gaan en daardie persoon kry? Hoekom moes hy gaan soek na hom en nie julle self nie? -- Die vergadering wat daar gesit het, het so besluit.

Maar ek vra hoekom het hulle so besluit? Dit is my vraag. Was daar enige spesiale rede? -- Ek het alreeds verduidelik dat ons wou gehad het dat op hierdie vergadering van die 26ste 'n jong persoon as 'n spreker moet kom optree.

Dit antwoord nog nie my vraag nie. -- Is dit waar dat u die rede wou gehad het hoekom dit besluit was op 'n jong (20) persoon as 'n spreker nie?

Ek het dit nie gevra vir jou nie. Ek het jou spesifiek gevra hoekom was Esau spesifiek afgesonder om 'n spreker te kry? -- Dit was die besluit van hierdie vergadering dat die vergadering vir Esau gestuur het om 'n jong persoon te gaan soek vir die 26ste se vergadering wat sal optree as 'n spreker.

Het hierdie vergadering enige spesiale rede gehad hoekom hulle vir Esau afgevaardig het? -- Afgevaardig het? Waar?

Om 'n spreker te gaan kry van die jeug? -- Ons het hom net gestuur. (30)

Is/...

Is dit nie omdat hy meer kennis as julle het van wie is COSAS en wie is daardie organisasies nie? -- Nee, dit is nie so nie. Eintlik het hy 'n voertuig. Dit sou vir hom maklik gewees het om te beweeg en dan te voldoen aan die vereistes van die verkryging van die persoon.

Het jy 'n voertuig? -- Nee.

Wie moes die vroue verteenwoordig? Wat het julle besluit? -- Ons het besluit dat mev. Rina Mokoena in die naam van die vroue-organisasie in die Vaal 'n toespraak moet kom lewer.

Is dit daar op die vergadering so besluit? -- Dit is (10) so.

Wie moes haar nader om 'n toespraak te kom lewer? -- Sy was in die vergadering teenwoordig by Matlole se woning. Dus was sy nie uitgesonder nie, omdat sy by was tydens die bespreking van die aangeleentheid.

Was sy sommer daar op die vergadering gevra om spreker te wees? -- Ja, ons het vir haar gesê.

As jy nou praat van ons, is dit die vergadering daar? -- Wat gebeur het, is die volgende. Na ons besluite geneem het oor 'n jong persoon wat 'n toespraak sal moet lewer en (20) toe besluit het dat daar 'n vroumens moet wees wat namens die vroue-organisasie ook 'n toespraak sal moet lewer, het ons toe 'n vinger na haar gewys en gesê "Dit moet jy nou kennis van neem as 'n persoon wat die optrede sal moet uitvoer."

Is dit nie aan Esau ook opgedra om te reël dat sy die vergadering toespreek nie? -- As dit die geval is dat Esau haar genader het omtrent dit, was dit nie op ons versoek gewees nie. Dit was dit op Esau se eie besluit om 'n koppie tee by haar te gaan geniet, want wat ons vir Esau gevra het was om vir ons 'n jong persoon te kry as 'n spreker. (30)

Het/...

Het julle miskien vir beskuldigde nr. 17 gevra om met mev. Rina Mokoena te praat? -- Dit geld ook vir beskuldigde nr. 17. Hy was ook nie gevra om dit te doen nie.

Jy sien, dit is vir my baie eienaardig, want die getuie-nis was dat beskuldigde nr. 17 was die persoon wat vir Rina Mokoena genader het? -- Ek het alreeds vroeër gesê dat by hierdie vergadering was mev. Mokoena teenwoordig. Haar teenwoordigheid was as gevolg van die feit dat sy daar gekuier het by Matlole. Toevallig moes ons 'n vergadering daar gehou het. Omdat daar niks was wat ons van haar moes (10) verdoesel het nie, het ons haar toegelaat om by te wees in hierdie vergadering. Daarom was dit nie nodig dat daar nog 'n persoon uitgestuur word om haar te nader aangaande die besluit dat sy as 'n spreker sal moet optree namens die vroue-organisasie nie.

Namens watter vroue-organisasie moes sy gepraat het? -- VOW.

Weet jy watter amp beklee sy daar in die bestuur van VOW? -- Nee, ek weet nie.

Weet jy dat Edith is ook die vise-president van VOW? (20) -- Sy is aan my bekend as die sekretaris.

Van VOW? -- Ja, dit is so.

En Dorcas, watter amp het sy beklee in VOW? -- Wat my betref, wat ek onthou, sy was die voorsitter van VOW.

Hoekom het julle nie hierdie mense wat hoog in rang is, soos Dorcas of Edith gekry om julle toe te spreek omtrent die vroue-organisasie nie? -- Ons het nie ons besluit gemik op die posisies wat mense daar beklee nie. Die versoek was net gerig aan diegene wat in staat sou gewees het sonder probleme om dit te kan doen. (30)

HOF/...

HOF : Was mev. Mokoena 'n goeie spreker? -- Ja, sy was.

Vurig? -- Nee, nie dit dat sy vurig was nie, maar sy kon goed praat en die gebruik van haar Sothotaal was eintlik ook een van die dinge wat 'n mens beïndruk het.

MNR. JACOBS : Wie sou namens die werkersorganisasies dan gepraat het? -- Ons het nie by daardie besluit gekom om te besluit wie die persoon is wat namens die werkers kon praat nie.

Is beskuldigde nr. 10 nie die man wat namens die werkers kon en moes praat nie? -- Nee, daar is 'n verskil. Ons (10) het bewus geword daarvan dat hy graag sal wil praat. Nie dat ons besluit het dat ons na 'n persoon moet soek of dat ons op hom besluit het as 'n spreker vir die werkers nie.

Wanneer het julle bewus geword dat hy graag sal wil praat? -- Wie nou?

Beskuldigde nr. 10. Ons praat mos nou van hom? -- Omdat hy so gesê het dat hy eintlik graag sal wil praat.

Op die vergadering daar, die gesamentlike vergadering? -- Ja, dieselfde dag van die 24ste is waar hy gesê het dat hy graag ook 'n paar woorde sal wil sê. (20)

En 'n spreker wou wees? -- Ja, dit is so.

Het hy dan ook gesê hy sal namens die werkers praat en die vakbond? -- Dit kan ek nie onthou dat hy ooit so gesê het nie.

Wie sou die spreker gewees het wat daar van die VCA sou gepraat het? -- Daar was geen so 'n spreker gewees nie.

Is beskuldigde nr. 17 nie die man wat julle gekies het om die VCA uiteen te sit nie? -- Nee, nie dat hy spesifiek uitgewys was as 'n spreker wat VCA uiteengesit het nie, maar as een van die sprekers. (30)

Wie/...

Wie sou hy nou verteenwoordig, want julle het nou jeug, julle het vroue, daar is 'n man wat aangebied het wat 'n werker is om 'n toespraak te maak? -- Hy sou geweet het hoe hy sy toespraak sou maak.

Jy was ook genoem as 'n spreker. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Het jy gevra om 'n spreker te word? -- Ek het gevra om 'n spreker te word, ja.

Waaroor sou jy gepraat het? -- Dit sou afgehang het daar in die vergadering waaroor ek sou besluit om te handel(10) in my toespraak.

En mnr. Khabi van ERPA, sou hy namens ERPA daar gepraat het? -- Nee, ek kan nie meer onthou namens watter organisasie hy 'n toespraak sou gelewer het nie.

Maar hy was een van julle sprekers wat julle gekies het? -- Nee, hy was nie.

Het hy nie as spreker opgetree opgetree op die 26ste nie? -- Hy het.

Hoe het dit dan gekom dat hy 'n spreker is? -- By dieselfde vergadering van die 26ste was mense toegelaat om (20) toesprake te lewer indien hulle sou gevra het.

HOF : Bedoel u van die vloer af gevra het om sommer tussenin te praat of op die verhoog te kom en daar te praat? -- Wat ek daarby bedoel is, 'n persoon wat van die gehoor af gevra het om te praat, kon sommer van die vloer af praat en die een wat besluit om toegelaat te word om na die verhoog toe te kom, was ook toegelaat.

MNR. JACOBS : Die hele doel van die vergadering van die 26ste was om daar te aggiteer teen die verhoogde huur en die raadslede? -- Nee, daar het ons die huur gaan bespreek(30)

by/...

by hierdie vergadering.

Was die doel ook om raadslede te bespreek? -- Wat van hulle?

Dat hulle nie aanvaarbaar is vir julle nie? -- Ja, eintlik wat gebeur het is net voor ons aan die einde van ons bespreking gekom het, het hulle dit toe geopper dat daar 'n versoek gerig moet word aan die raadslede om te bedank.

Is dit op hierdie vergadering van hierdie 24ste?

HOF : Ek het gedink ons is besig met die vergadering van die 26ste. U moet die ding uitmekaar hou, want ons het (10) nou oorgeloop na mnr. Khabi en hy sou nie as spreker optree nie, maar hy het toe gepraat. Toe het ons gekom by die vergadering van die 26ste.

MNR. JACOBS : Ek het gesê die doel van daardie vergadering was gewees, maar ek sal dit by hom duidelik maak. Wanneer het die versoek wat jy nou gemeld na vore gekom? Op die vergadering van die 24ste of op die vergadering van die 26ste? -- Ek was die hele tyd onder die indruk gewees dat ons praat van die vergadering van die 26ste. Dus, my antwoord op daardie punt is gemik op die vergadering van die 26ste. (20)

Ek stel dit aan jou dit was ook 'n doel gewees om die vergadering van die 26ste te hou om dit by die mense tuis te bring dat daar 'n "stay-away" sal wees op 3 September en 'n opmars? -- Dit is nie so nie.

Op 26 September 1984 toe jy by die vergadering opgedaag het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : 26 Augustus.

MNR. JACOBS : 26 Augustus 1984, hoe laat was dit gewees, in die sin met die begin van die vergadering? Was dit heel aan die begin of was die vergadering al aan die gang? (30)

Met/...

-- Met my aankoms daar was mnr. Vilakazi besig was n spreker.

HOF : Beskuldigde nr. hoeveel is dit? -- Nr. 10.

MNR. JACOBS : Dan aanvaar ek jy het nie sy hele toespraak gehoor nie? -- Dit is so. U is reg.

Die deel wat jy gehoor het van mnr. Vilakazi se toespraak, het jy enigsins gehoor dat hy gepraat het oor die verhoogde hure? -- Ek het gehoor toe hy gepraat het van die vakbonde.

HOF : Het hy oor verhoogde huur gepraat wat u gehoor het?

-- Ek het hom nie gehoor daarvan praat nie.

MNR. JACOBS : Het u gehoor dat hy van ander "issues" van(10) die mense in die woongebied praat? -- Nee, ek het dit nie gehoor nie.

Het jy gehoor of hy enigiets gesê het teenoor raadslede en dat hulle onaanvaarbaar is vir die gemeenskap, hetsy dat hulle "puppets" is of oneerlik is? -- Ek het hom gehoor melding maak van die raadslede wat te Heidelberg bedank het.

Is dit al waar hy na raadslede verwys het, Heidelberg se raadslede wat bedank het? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê dat ek hom gehoor praat het oor die bymekaar kom van die werkers met vakbonde. (20)

HOF : Heidelberg, is dit Ratanda? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Wat het die vakbonde nou te doen met raadslede? -- Ek weet regtig nie, want ek noem net aan die Hof wat ek kan onthou waarvan hy in sy toespraak gepraat het,.

Hy het niks gepraat, as ek jou reg verstaan, oor enige van die raadslede van Lekoa of van Evaton nie? -- Wat ek kan sê is, met my aankoms daar was hy besig met sy toespraak. Dus kan ek nie sê wat hy gesê het voor ek opgedaag het nie.

Hoekom wil jy nie my vraag antwoord nie? Is daar enige rede? Ek het vir jou baie duidelik gesê ons sal handel(30)

met/...

met die deel wat jy gehoor het van sy toespraak. Hoekom wil jy nie my vraag antwoord nie? -- Ek het alreeds die Hof vertel van wat ek gehoor het wat hy gesê het.

Nou vra ek jou vir die derde keer en dan kan jy antwoord of nie antwoord nie. In die tyd wat jy geluister het na sy toespraak het jy nooit gehoor dat hy enige verwysing maak na die raadslede van Lekoa of Evaton nie? -- Ek het hom nie gehoor nie.

Jy het ook nooit gehoor dat hy gesê het enige van die Lekoa of Evaton raadslede moet bedank nie? -- Ek het nie(10) gehoor dat hy so gesê het nie.

Kan u vir ons sê mnr. Nkopane, hy was die voorsitter op daardie vergadering, beskuldigde nr. 8? -- Ja, dit is so.

Het hy enige toesprake daar gelewer? -- Wat ek onthou wat daar plaasgevind het, was dat hy na 'n spreker 'n kort opsomming gemaak en dan het 'n ander spreker weer begin praat.
HOF : Van al die sprekers? -- Nee, of ja ten opsigte van al die sprekers, maar hy het 'n kort opsomming gemaak van elke toespraak wat 'n spreker gemaak het.

MNR. JACOBS : Wat is die opsomming wat hy gemaak het (20) omtrent mnr. Vilakazi, beskuldigde nr. 10, se toespraak? -- Hy het gesê ons is bly om te hoor dat mense bymekaar gekom het deur middel van vakbonde, dat hulle nou 'n eenheid vorm. In kort is dit wat hy gesê het in sy opsomming.

In sy opsomming het hy enigszins verwys na wat mnr. Vilakazi miskien sou gesê het omtrent die raadslede en het hy dit weer herhaal in sy opsomming? -- Dit kan ek nie onthou nie.

As ek jou woorde na luister wat jy nou sê, dan was hy eintlik maar net dankbaar omdat die vakbondmense daar was(30)

en/...

en h toespraak gelewer het, of het hy h opsomming van die hele toespraak gegee? -- Nee, hy het net die spreker bedank wat net klaar gepraat het.

Beteken dit dat hy het hom net dankie gesê? Hy het nie h opsomming van sy toespraak gegee nie? -- Wat ek sê is die volgende. Sover as wat ek kan onthou het mnr. Nkopane gesê ons is dankbaar om te verneem hoe die werkers nou bymekaar gekom het deur middel van vakbonde.

Is dit al? -- Dit is sover as wat ek kan onthou.

Rina Mokoena, het sy enigsins gesê of gepraat teen (10) die raadslede dat hulle nie eerlik is nie of dat hulle nie aanvaarbaar is nie? -- Wat ek wel kan onthou van wat sy gesê het in haar toespraak was dat hierdie verhoging van huur het probleme vir hulle as vroumense gebring, want hulle is die mense wat bewus is van wat alles benodig word in h gesin. Die bietjie geld wat inkom moet sy as h vrou verdeel om sekere dinge af te betaal en dan het sy nog nie genoeg geld nie.

So, sy het eintlik net gekla omdat sy nie genoeg geld het om die huurverhoging te betaal nie? -- Wat sy verder daar gesê het, wat ek nog kan onthou, is dat sy gesê het (20) sy het nog nie vir daardie huidige maand die huur betaal nie.

Is dit al wat jy onthou van haar toespraak? -- Ja, dit is wat ek onthou.

Het sy niks gesê dat die raadslede moet geboikot word nie? -- Ek het haar nie gehoor so sê nie.

Het sy niks gesê dat die raadslede is verantwoordelik vir haar moeilikheid dat sy nie die huur kan betaal nie, omdat hulle die huur opgesit het nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

(30)

Het/...

Het sy enigiets gesê omtrent raadslede wat moet bedank?
-- Ek het nie gehoor dat sy so gesê het nie.

Kan ek dit so dan opsom dat volgens jou wat jy kan onthou het sy eintlik niks teen raadslede gepraat nie? -- Ek het dit nie gehoor nie.

En beteken dit as jy sê jy het dit nie gehoor nie, sy het glad nie teen hulle gepraat nie? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê wat dit is wat ek gehoor het wat sy gesê het.

Ek wil net duidelikheid kry. Is dit 'n kwessie hierso dat jy dit nie kan onthou meer nie of is dit 'n kwessie (10) dat sy dit glad nie gesê het nie?

HOF : Hy sê hy het dit nie gehoor nie. Is jou ore goed? -- Ek kan hoor.

As sy dit gesê het sou jy dit gehoor het? -- Ek glo dat ek dit sou gehoor het indien sy dit gesê het.

MNR. JACOBS : Na haar toespraak, het mnr. Nkopane haar toespraak opgesom? -- Nee, hy het net dankie gesê deur te sê ons is dankbaar, mev. Mokoena.

Daar het ook 'n mev. Matsaneng 'n toespraak gegee, volgens jou. Was sy 'n geskeduleerde spreker? -- Sy het 'n toespraak (20) gemaak.

Het sy toestemming gevra of was sy op die lys? -- Ek kan nie onthou dat haar naam op die lys was nie. As ek reg is het sy gevra om vergun te word dat sy 'n toespraak kan maak.

Het sy enigsins teen raadslede 'n mening uitgespreek? -- Bedoel u nou mev. Matsaneng?

Mev. Matsaneng? -- Ja, dit is so.

Wat het sy gesê teen die raadslede? -- Sy het eintlik die vroumense teenwoordig daar blameer deur te sê ons, die (30)

vroumense/...

vroumense, terwyl ons mans weg is werk toe, bly daar agter en ons is besig om die raadslede te kies. Ons moet blameer word daarvoor.

Is dit al? -- Sy het ook gepraat van bydrae van vroumense om bymekaar te kom en geld bymekaar te gooi dat dit gebruik kan word om inkopies mee te doen.

My vraag is 'n eenvoudige vraag. Het sy haar uitgespreek teen raadslede? Ons kon al baie tyd gespaar het. Jy herhaal nou net jou getuienis wat jy in hoof gegee het. -- Ek kan nie onthou dat sy ooit die woord gebruik het wat my regver-(10) dig dat ek kan sê dat sy teen die raadslede daar gepraat het nie. Ek het alreeds vir die Hof gesê wat sy gesê het oor die verkiesings wat plaasvind in die afwesigheid van die mans wat deur die vroumense uitgevoer word.

Is dit 'n kwessie dat jou geheue swak is oor wat sy gesê het? -- Dit is wat ek onthou sy van gepraat het in haar toespraak.

Kan jy onthou of sy gesê het dat die raadslede moet geboikot word? -- Ek kan nie onthou dat sy so gesê het nie.

Kan jy onthou dat sy gesê het die raadslede moet (20) bedank? -- Ek kan nie onthou dat sy gesê het dat die raadslede moet bedank nie.

Het sy miskien gesê die raadslede is "puppets" en is nie aanvaarbaar nie? -- Die woord van die "puppets" het nie oorspronklik van mev. Matsaneng gekom nie.

Het sy daar gesê dat die raadslede is te blameer vir die verhoogde huur en daarom is hulle nie aanvaarbaar nie, hulle is oneerlik? -- U het dit so met baie woorde aan my gestel. Al is dit so baie, bly ek nogtans sê, ek kan nie onthou dat sy so baie woorde gebruik het teenoor die (30)

raadslede/...

raadslede nie.

Het sy enigiets gepraat van besighede wat geboikot moet word van die raadslede? -- Ek kan nie onthou nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 10 APRIL 1987.